

**GESLAGSREGISTER VAN DIE FAMILIE SWART
IN SUID-AFRIKA**



Oud-staatspresident C.R. Swart (b2c3d5e10f10g3) en mev. Nellie Swart.

Foto: DEPARTEMENT VAN INLIGTING

**GESLAGSREGISTER VAN
DIE FAMILIE SWART
IN SUID-AFRIKA**

Opgestel deur

PROF. DR. C.G.S. DE VILLIERS

Geredigeer deur

L.C.P. ENDEMANN

**RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING
PRETORIA**

1977

INSTITUUT VIR GESKIEDENISNAVORSING

DIREKTEUR: DR. C.M. BAKKES

AFDELING GENEALOGIE

HOOF: DR. R.T.J. LOMBARD

GENEALOGIE

PUBLIKASIE NR. 5

LIBRARY SERVICES/BIBLIOTEEKDIENSTE	
UNIVERSITY OF PRETORIA	
2011-03-1	
Shelf No	ZA 929.2
Item No	119367533

Kopiereg 1977

SCHWARTZ

DE VILLIERS

Hierdie publikasie is verkrybaar van die
Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing

Privaatsak X41

Pretoria 0001

ISBN 0 86965 387 3

Prys R14,35

VOORWOORD

Die *Geslagsregister van die familie Swart in Suid Afrika* is die vyfde publikasie in die genealogiereeks van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. Die oorspronklike manuskrip van elf bundels in die netjiese handskrif van prof. Con de Villiers is een van die omvattendste genealogieë wat tot dusver opgestel is. Hiermee ook my gelukwensing aan prof. De Villiers vir sy uitmuntende werk wat as riglyn vir toekomstige navorsers kan dien.

Prof. De Villiers is geen onbekende wat familiekundige navorsing betref nie. Hy is ongetwyfeld een van die produktiefste genealoë in Suid-Afrika; daarvan getuig 'n groot verskeidenheid artikels oor die teorie en praktyk van genealogiese navorsing wat oor baie jare onder sy naam verskyn het. Met hierdie publikasie word 'n lang gekoesterde ideaal verwesenlik, naamlik om die familiegeskiedenis van sy moeder se mense te boek te stel. Die opsteller het heelwat navorsing gedoen oor die aangetroude vanne bv. Badenhorst, Blom, Geldenhuys, Groenewald, Human, Lourens, Matthee, Moolman, Taljard, Uys, Viljee en Wessels. Oor hierdie en nog baie ander families kan daar inligting in *Die familie Swart* teruggevind word.

Mnr. L.C.P. Endemann, navorsingsbeampte verbonde aan die Instituut vir Geskiedenisnavorsing, het die manuskrip geredigeer, waar moontlik bygewerk en persklaar gemaak.

Mag hierdie publikasie 'n aansporing wees vir ander groot families om ook hul familiegeskiedenis en geslagsregisters te boekstaaf.

A. L. Holzner

PRESIDENT

INHOUDSOPGAWE

Frontispies	ii
Voorwoord	v
Redaksionele Opmerkings	vii
Inleiding	1
Die Stamouers	5
Geslagsregister	7
b1 Nicolaas	7
b2c2 Johannes	8
b2c3 Jacobus	10
b2c4 Nicolaas	61
b2c10 Hendrik	134
b3c1 Johannes	148
b3c3 Pieter	217
b3c7 Jacobus Johannes	329
b3c9 Daniël Andries	347
Bylae A 'Ondersoek Swart'	371
Bylae B 'Lelike Hannie'	373
Bylae C 'Ek kuier by Ouma Swart'	378
Bylae D 'Die Bittereinder'	383
Bylae E 'C.G.S. de Villiers'	389
Bronnelys	391
Register van aangetroudes	395
Fotoregister	413

REDAKSIONELE OPMERKINGS

Die redigering van *Die geslagsregister van die familie Swart in Suid-Afrika* is gedurende Maart 1975 aan my opgedra en vir bykans twee jaar daarna was die manuskrip my daaglikse metgesel. Die redigering daarvan was geen maklike taak nie: afgesien van die omvang van die werk het die tipies persoonlike aanslag van die outeur hoë eise gestel aan redigering. Daar is deurgaans probeer om so veel as moontlik van hierdie persoonlike kleur te behou.

Prof. Con de Villiers se Afrikaans is eie aan die omgewing waar hy vandaan kom, naamlik die Caledonse Overberg. Hierdie unieke streektaal vind ook neerslag in sy manuskrip. Voorbeelde van sy taalgebruik wat onveranderd gelaat is, is die benaminge *Onderland* en *Reuens* waarmee die Onderveld (d.i. Transvaal, OVS, Natal) en die Ruggens bedoel is. Die belangrikste afwyking van die skrywer se taalgebruik is miskien die gebruik van die term *sterfkennis* vir die skrywer se *doodsberig*. Dit is gedoen omdat die dokument wat hier ter sprake is amptelik as 'n *sterfkennis* bekend staan en die term allerweë so gebruik word. Die moontlikheid dat verwarring kan ontstaan met *doodsberigte* in 'n koerant word ook aldus uitgeskakel.

Die rangskikking van gegewens moes ook enigsins verander word om aan te pas by die metode wat in vorige publikasies in hierdie reeks gevolg is. So word bv. telkens die geboortedatum en -plek, die sterfdatum en -plek, die begraaftplek en die huweliksdatum en -plek in hierdie volgorde vermeld.

Aangesien bronneverwysings in die oorspronklike manuskrip onvolledig en in die teks gegee was, is alle bronneverwysings geïdentifiseer, uit die teks gelig en waar moontlik vollediger as voetnote onderaan die bladsy aangebring. In die geval van gepubliseerde werke en Transvaalse bronne kon die inligting maklik gevind word, anders as met bronne uit die ander provinsies.

Waar moontlik is gegewens in die manuskrip by die redigering daarvan aangevul uit bestaande publikasies, argiefmateriaal en persoonlike getuienis van familielede. Die inligting wat gelei het tot aanvullings wat betref Swarts, geput uit hierdie manuskrip, en wat betref aangetroudes, geput uit C.C. de Villiers en C. Pama se *Geslagsregisters van die ou Kaapse families* (1966), is weens die veelvuldige voorkoms daarvan nie geannoteer nie. Slegs in die gevalle waar aanvullings gehaal is uit ander bronne is dit geannoteer.

Die genealogiese numerering het ook plek-plek redigering vereis. Prof. De Villiers het die vroeëre uitgawe van C.C. de Villiers se werk as uitgangspunt gebruik, ondanks die feit dat dit somtyds foutief is. Dit geld veral vir die aangetroudes. By redigering is gepoog om die korrekte genealogiese nommer soos dit uit latere navorsing geblyk het, te gebruik. Waar in hierdie werk na die genealogiese nommer van 'n Swart verwys word (in 'n voetnoot soos by die inleiding of in hakies na die persoon se naam) word verwys na sy genealogiese nommer in hierdie

geslagsregister of die Swart-geslagsregister in C.C. de Villiers en C. Pama se 1966-uitgawe.

Die genealogiese nommers van afstammeling van Swart-dogters is in vierkantige hakies geplaas met die aangetroude van in hoofletters na die voorname. Die vierkantige hakies dui aan dat die betrokke genealogiese nommer alleen geld vir die Swart-geslagsregister en dat die persoon dan in werklikheid 'n ander nommer het ten opsigte van die aangetroude van. Alle manlike Swart-afstammeling se name is gekursiveer, inbegrepe die manlike afstammeling van Swart-dogters in welke geval die aangetroude van met gekursiveerde hoofletters aangedui is.

Om die vloeiende verhaaltrant nie te belemmer nie, is in die inleiding tot hierdie geslagsregister die genealogiese nommers na die persoon se naam uit die teks gelig en geannoteer. Die hoofstukke *Afkoms van Opsteller* en *Inleiding* in die oorspronklike manuskrip, is by redigering saamgevoeg om die huidige *Inleiding* te vorm, waardeur onnodige herhaling terselfdertyd uitgeskakel is.

In die teks en voetnote is by redigering 'n onderskeid gemaak tussen sterfkennisse en boedels. Dit spruit daaruit dat die Weesheerkantore in die Kaapprovinsie en Natal die sterfkennisse, testamente en boedelrekenings afsonderlik liasseer (daarom sterfkennisnommer) terwyl die Weesheerkantore in die OVS en Transvaal alle stukke behorende tot 'n betrokke boedel in een boedellêer liasseer (daarom boedelnommer).

Dit het tydens die redigering van die manuskrip geblyk dat daar 'n hiaat is waarbinne 'n aansienlike tak Transvaalse Swarts voorkom, naamlik die afstammeling van Wessel Cornelis Swart (b2c4d9e4). Die ontbrekende gegewens is deur die redakteur bygewerk hoewel hy geensins aanspraak maak op volledigheid nie — daarvoor het die tyd ontbreek. Verder is dit jammer dat die “Uilspieël-Swarts” na wie herhaaldelik verwys word, nêrens elders in die oorspronklike manuskrip verder toegelig word nie.

Die opsteller hiervan het somtyds sy teks toegelig deur opmerkings in vreemde tale byvoorbeeld Italiaans. Die vertaalde weergawe daarvan is telkens gegee. Enkele van hierdie tekstoeligtings was egter nie vir die redakteur ontsyferbaar nie en is weggelaat.

Met die redigering van hierdie geslagsregister is van die volgende genealogiese tekens gebruik gemaak:

*	gebore
~	gedoop
†	oorlede
Ω	begrawe
x	trou
xx	hertrou
xxx	hertrou vir 'n derde keer
÷	geskei

Die volgende afkortings is ook algemeen gebruik:

N.N.	<i>nomen nescio</i> (onbekend)
wed. v.	weduwee van
d.v.	dogter van
s.v.	seun van
dist.	distrik
WH/K	Weesheer, Kaapprovinsie
WH/T	Weesheer, Transvaal
WH/O	Weesheer, OVS
WH/N	Weesheer, Natal
ms.	manuskrip
KAB	Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad
TAB	Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria

Dit was ongelukkig nie moontlik om 'n volledige naamregister op te stel nie omdat dit te tydrowend en te duur sou wees. Daarom is dieselfde patroon gevolg as met die twee vorige Afrikaanse genealogiese publikasies (nrs 1 en 3) en is slegs 'n *Register van aangetroudes* opgestel met dié verskil dat net die aangetroude persoon se voorletters en van vermeld word en nie die huweliksmaat nie. Om jou voorgeslag in die geslagsregister op te spoor sou nodig wees dat byvoorbeeld die moeder, grootmoeder of desnoods oorgrootmoeder se nooiensvan bekend moet wees. Links bo-aan elke bladsy is die genealogiese nommer aangebring van die ouer van die persoon wat eerste op die bladsy voorkom — dit vergemaklik die opspoor van 'n persoon wanneer sy genealogiese nommer wel bekend is. Daarbenewens is 'n fotoregister opgestel van alle persone wat op die 58 ingeslote foto's geïdentifiseer kon word.

Ten slotte wil die redakteur graag van hierdie geleentheid gebruik maak om die volgende persone en instansies te bedank vir daadwerklike hulp. Daarsonder sou die uitgee van hierdie geslagsregister nie moontlik gewees het nie. Aan die Direkteur van die IGN, dr. C.M. Bakkes, en die Hoof van die Afdeling Genealogie, dr. R.T.J. Lombard, my opregte dank vir hul leiding; die tiksters, mevv. Susan Botha en Dolly Bornman, vir die tik van die gekodeerde manuskrip; die taalredakteur van die SABW, mnr. André Smit, vir die taalkundige versorging; mnr. A.G. Oberholster en sy span helpers vir die opstel van die register van aangetroudes, die fotoregister en die knip van die foto's wat in hierdie publikasie verskyn; mnr. O.J.O. Ferreira vir sy hulp met proeflees van die galeiproewe en met die opstel van die bronnelys; die proeflesers, mej. Wilna Lindes en mev. Alta Nell; mevv. Anna Rudolph, Ada van der Dussen en Audrey de Villiers vir die bruikleen van foto's en ten slotte vir die toestemming verleen deur die redakteurs van *Die Huisgenoot*, *Sarie Marais* en *Onderwysblad* vir die opname van die bylaes.

L.C.P. Endemann

INLEIDING

Toe ek my verstand kom kry, was die oudste lewende Swart tant Nelie Sanddrif.¹ Sy was 'n tante van my moeder.² Daar my moeder na tant Nelie, en ek na my moeder geheet het, was die waardige ou dame op "Sanddrif", naby Napier, vir my een van die belangrike persone in ons familie. Haar suster, tant Fytjie de Bruyn, het as weduwee op "Modderrivier" by haar dogter, Soufie de Villiers, gewoon en hoewel sy eers in 1908 oorlede is, onthou ek haar nie goed nie. Die twee broers van tant Nelie, Koos Heuningrug³ en Oompie,⁴ het ek nooit gesien nie.

Niemand het meer my moedersmoeder, Johanna Catharina Hendrina,⁵ onthou nie. My moeder het geen ander moeder as haar stiefmoeder geken nie. Sy was Sannie de Villiers, suster van my vader, wat haar dan ook Sus Sannie genoem het. Ons kinders het haar as Ouma Swart geken, en my moeder het haar "Ma" genoem.

Ma se moedersvader was Jambedaar (d.w.s. Jan Breda)⁶ wat dié bynaam gekry het omdat hy die bestuurder van die Van Breda's se groot boerdery op "Bovlei" (Soetendalsvlei) was. Hy was self 'n baie welgestelde boer en het sy Strandveldplase gelyktydig met Michiel van Breda gekoop. Later het hy die reeds genoemde Reuensplaas, "Sanddrif", bygekoop, daar gaan woon en is daar begrawe. Ouma Hannie Swart⁷ se erfposie van haar vader was die Bredasdorpse Strandveldplaas "Elandsdrif". Daar het sy met haar eggenoot, Johannes Urbanus Swart,⁸ gewoon. Oom Pieter, uit haar man se tweede huwelik, het op "Prinskraal", Bredasdorp, gewoon en is daar op 27.2.1961 oorlede. Hy was my oom deur die Swarts en my neef deur die De Villiers's. Oupa Jan Swart was uit die Melkbos-Swarts; sy vader, Gerhardus Paulus,⁹ het reeds op die Reuensplaas "Melkbos", Bredasdorp, gewoon. Oupa Jan se grootvader Pieter¹⁰ moet ook geruime tyd op dieselfde ou Swart-plaas gewoon het.

In Ma se are het daar dus twee strome Swart-bloed gevloei. Maar daar was nog 'n derde, want drie van haar grootouers was Swarts. Haar moedersmoeder, Johanna Catharina,¹¹ was uit die oudste Swarts, dié wat reeds van ongeveer 1742 op "Heuningrug", Bredasdorp, gewoon het. Haar broer was staatspresident C.R. Swart se grootjie, Hermanus Bernardus.¹² Soos die genealogiese nommers aandui, stam hierdie Swarts uit die stamouers se tweede seun. Die verwantskappe tussen hierdie Soetendalsvlei-Heuningrug-Swarts en die Melkbos-Swarts word in die

1. b3c1d13e1f5, * 2.3.1828, † 4.10.1922.

2. b3c3d15e6f4, * 15.12.1847, † 10.11.1905.

3. b3c1d13e1f3.

4. b3c1d13e1f3.

5. b3c1d13e1f2, * 21.6.1819, † 17.12.1857.

6. Johannes Jochemus (b3c1d13e1), ~ 4.1.1795.

7. Johanna Catharina Hendrina (b3c1d13e1f2), * 21.6.1819, † 17.12.1857.

8. b3c3d15e6, * 8.6.1821, † 14.5.1886.

9. b3c3d15, * "Melkbos", Bredasdorp, 21.9.1788, † "Melkbos", 4.2.1871.

10. b3c3, * 14.5.1726, † Augustus 1802, boer "Karsrivier", Bredasdorp.

11. b2c3d5e7, * 25.4.1792, † 26.10.1877.

12. b2c3d5e10, * 20.7.1797, † 10.4.1860.

bygaande tafel weergegee. Die belangrikste skakel is Jacoba Margaretha.¹³ Uit bygaande tafel blyk dit dat die Soetendalsvlei- en die Melkbos-Swarts glad nie so danig ver familie van mekaar is nie. Laat ons die geval van oupa Jan Swart van “Elandsdrif” en sy vrou, Johanna Catharina Swart, neem. Beskou as afstammeling van die derde seun, Pieter,¹⁴ het Jan met sy neef Jan se dogter getrou. Maar Johanna Catharina Hendrina se oupa, Jacobus Nicolaas, was ook ’n broer van haar eggenoot se ouma, Jacoba Margaretha.

Dit spreek vanself dat elke mens biologies net so veel van sy moeder as van sy vader erf. Maar dit is nou eenmaal die gebruik dat die nageslag die vader se van kry. Indien die nakomelinge die van van die moeder gekry het, sou sekere vanne soos Taillefer nie “uitgestorf” wees nie. Biologies is hulle dit natuurlik ook nie. Daar is seker min families in Suid-Afrika wat so ingeteel is as die Swarts. Om weer tot opsteller se moeder terug te kom: drie van haar grootouers was Swarts. Oupa Jan Swart, afkomstig uit die Melkbos-tak, se moeder was Johanna Christina Human, in wie se are daar bloed van die Britse en van die Bloms gevloei het. Maar Johanna Human se Blom-familie kom uit die Swarts. Die Britse het op “Holdrif” naby Napier gewoon en stam ook uit die Swarts. Onder die latere geslagte van die Swarts het ondertrouing herhaaldelik plaasgevind, veral onder die Swarts van Bredasdorp. Opsteller se moeder het eenaardig genoeg geen bloed van die ander groot Bredasdorpse families soos die Lourense, die Wesselse en die Uyse gehad nie. Opsteller se een suster is getroud met ’n dubbele kleinneef uit die Swarts en ’n broer ook met sy kleinniggie uit die Swarts; sy was verder ook sy dubbele kleinniggie uit die De Villiers’s. Hoewel ons gesin baie kennisse onder die Caledon-Swarts gehad het omdat ons Caledonners is, was ons nie intiem met hulle bevriend nie, juis omdat my moeder se familie Bredasdorpers was. Die genealogie van die moeder-svanne onder die Swarts is deur opsteller in die fynste besonderhede uitgepluis en word in die stamboom waar moontlik volledig uiteengesit.

Die geslagsregister van die familie Swart is een van die bestes in die groot werk van Christoffel Coetzee de Villiers, oneindig beter as dié van die De Villiers’s!¹⁵ Dat sy gegewens oor die jongste takke (b3c7 en b3c9), die Swarts van Oudtshoorn, baie onvolledig opgeteken is, was onvermydelik. Opsteller het die gegewens probeer aanvul, maar hy gee nie voor dat dit nie tentatief is nie. Eintlik bevat Christoffel Coetzee de Villiers se stamboom (in die 1894-uitgawe van sy werk) net een groot fout: Stephanus Andries (b3c3d3e7) bestaan nie, hy is identiek met b3c7d4e2, die onmiddellike stamvader van die Robertson-Swarts.¹⁶ Opsteller betreur dit ten seerste dat alle pogings om die datum van aankoms in Suid-Afrika van die stamvader, Johannes Swart, vas te stel, misluk het. Dit is moontlik dat dit in een of ander stuk uit die sewentiende eeu begrawe lê. As Christoffel de Villiers dit nie kon


13. b2c3d3, * 1.7.1749, † 9.2.1826.

14. b3, * Nederland, † voor 22.8.1756, woon later op “Uilkraal”, Bredasdorp.

15. In die herdruk van C.C. de Villiers se werk deur C. Pama in 1966 is die De Villiers-geslagsregister baie verbeter en uitgebrei.

16. In C. Pama se herdruk (1966) van C.C. de Villiers se werk is hierdie fout reggestel.

VOORGESLAG VAN OPSTELLER SE MOEDER



vasstel nie, kan ons aanneem dat dit nie was omdat hy die geskiedkundige bronne nie geraadpleeg het nie.

Eindelik wil opsteller alle afstammeling van Johannes Swart waarsku dat die van nie “Swarts” is nie, maar “Swart”. Of die meervoud die gebruikelike Swarts of Swarte is, laat ek daar, maar die “Swartse” is ontoelaatbaar. ’n Stamboom van ’n familie word selde of ooit volkome reg opgestel. Reeds die veelvoudige transkribering maak foute amper onvermydelik. Kerkargiewe is nie altyd betroubaar nie en selfs nie die sterfkennisse aan die Weesheer nie: dié bestaan in baie gevalle òf nie meer nie òf daar is deur die naasbestaandes versuim om die stukke na die Weesheer te stuur. Dikwels word die ouers van die oorledene verkeerd aangegee en word na sy ouderdom geraai. Dit spreek vanself dat die oudste lede in ’n familie moet uitgevra word, “maar Pa of Ma se gedagtes word al baie kort”, en die herinnerings van sulke lede van die familie mag nie sonder meer aanvaar word nie, hoewel hulle vir die opsteller ’n belangrike leidraad kan wees.

Die genealogie van die Swarts in Suid-Afrika het my sowat twintig jaar besig gehou en met al sy foute en felers bied ek dit vir toekomstige geslagte aan. Dit was baie jare lank my daaglikse metgesel, “want diep in ons vloei bloed van die gewese, bloed van ons vadere, vol onrus en trots”.¹⁷ Wat was my motief om die reusetaak te onderneem? Die antwoord is baie eenvoudig: ek het nooit besef dat dit ’n reusetaak gaan wees nie. My vriende en familie, onder wie nogal baie Swarts was, is verbaas dat ’n mens kan verkies om gedurig met die dooies te leef. Daarop was my antwoord nog altyd: *non sons morti ai veramente vivi*, vir diegene wat werklik lewe, is hulle nie dood nie. Hoe snaaks dit ook mag klink, my omgang met die dooies het my lewe verryk. Op slot van sake was die arbeid ’n liefdesarbeid en die voltooiing daarvan is sy eie beloning. Ten slotte my dank aan die Afdeling Genealogie van die RGN wat die publikasie van die geslagregister moontlik gemaak het.

17. "Tief in uns rinnt Blut vom Gewesenen, Blut unserer Väter voll Unruh' und Stolz...". Aangehaal deur die outeur in 'My procedure in tracing family history', (*Africana Notes and News*, Sept. 1952, p. 129.)[Red.]

DIE STAMOUERS

Die stamvader van die familie was Johannes Jan-seun Swart “uit Waterland”, Nederland. Sy aankoms in Suid-Afrika word gewoonlik as 1685 aangegee, maar geen dokumentêre bewys hiervoor is aan opsteller bekend nie. Opsteller kon geen aansoek om burgerskap opspoor nie en C.C. de Villiers het blykbaar met dieselfde probleem te kampe gehad. Die ryksargivaris van Noord-Holland skryf op 17.3.1950 aan opsteller dat “volgens die monstertol van 1698, die zich bevindt tussen de overgekomen papieren van de Kaap de Goede Hoop 1698 deel 1, zekere Jan Jansz. Swart van Hoorn als ziekentrooster in compagniedienst aan de Kaap stond. Ofschoon Hoorn in Westfriesland en niet in de streek die thans als Waterland aangeduid wordt, ligt, is het toch niet onmogelijk, dat genoemde Swart en Uw voorvader dezelfde persoon is, daar de naam Waterland, althans in de 16e eeuw, ook wel in ruimer betekenis werd gebruikt”.¹⁸ Uit *Uitgaande Brieven* van die Kaapse Argief siteer ek: “Wij hebben niet kunnen afslaan de bede van Jan Jansz. Swart krankebesoeker (sic) Stellenbosch ootmoedig te (sic) huisvrouw Grietje Claasz en haar kinderen wonend in Amsterdam na herwaarts scheepen te verlenen”.¹⁹

Nadat Johannes Swart reeds sewe (?) jaar in Suid-Afrika was, het sy vrou en kinders (wat intussen in Amsterdam gewoon het) na Suid-Afrika gekom en hul by hom in Stellenbosch aangesluit.²⁰ Die gesin het duidelik op Stellenbosch gewoon. In die jare 1696/7 tree Johannes as getuie op by drie doopplegtighede van volwassenes, in hierdie geval Kleurlinge:²¹ Jan van der Heyde; Anna, dogter van Marij en Pieter van Bengale en Ilyabet, dogter van Susanna. Jan Swart het Sybrand Mankadan as sieketrooster en onderwyser op Stellenbosch opgevolg; ’n pos wat hy van 1692 tot 1701 bekleed het. Die kerkraad van Stellenbosch was egter nie met sy gedrag en dié van sy vrou tevrede nie en in die jaar 1700 is die owerheid versoek om ’n “stichtelijker man” in Swart se plek aan te stel. Aan hierdie versoek is voldoen en in 1701 is hy as sieketrooster en onderwyser deur Jan Mahieu vervang.²² Na 1694 het Jan Swart ook as sekretaris van die plaaslike landdroskantoor diens gedoen. Die

18. Gegewens wat onlangs van die Centraal Bureau voor Genealogie, 's-Gravenhage, Nederland, ontvang is, werp moontlik nuwe lig op die herkoms van Jan Jansz. Swart. Navorsing in Hoorn, Amsterdam en die Rijksarchief in Noord-Holland kon geen gesin Swart van wie die gegewens met dié van die Suid-Afrikaanse stamvader ooreenstem, opspoor nie. Daar is wel ’n egpaar JAN JANSZoon en GRIETJE CLAESdochter gevind wat op 20 April 1675 in Amsterdam getroud is en van wie die moontlike kinders kan wees: Jan, - Oosterkerk 26.1.1682; Jan, - Eilandskerk 25.11.1685; Claes, - Oosterkerk 20.10.1686; Claes, - Noorderkerk 14.12.1687 en Pieter, - Westerkerk 7.1.1689. Hierdie egpaar is heelwaarskynlik die stamouers van die Swarts in Suid-Afrika. As aangeneem word dat sommige van die kinders moontlik klein oorlede is, kan die vernoeming verklaar word. Die name stem ook ooreen met dié wat C.C. de Villiers en C. Pama van Swart se drie seuns verstrek. (Brief van Directeur, Centraal Bureau voor Genealogie aan President, RGN, 22.1.1976, opgeneem as bylae A.) Hierdie gegewens strook met die vermoede van wyle prof. A.M. Hugo dat die seuns tussen omstreks 1688 en 1692 gebore moes wees. ('Meer lig op die Swarts', *Eikestadnuus*, 16.9.1960, p. 7)(Red.)

19. KAB, Sekretaris van die Politieke Raad, *Uitgaande Brieven*, C503 van 22.6.1692, p. 350.

20. Volgens J.P. Claasen: *Die Sieketroosters in Suid-Afrika 1652 - 1866*, p. 264, het Grietje Claasz en haar kinders eers in 1696 in die Kaap aangekom. [Red.]

21. NG Kerkargief, Kaapstad, G2 4/1 doopregister Stellenbosch.

22. J.P. Claasen: *Die Sieketroosters in Suid-Afrika, 1652-1866*, p. 264.

vereiste eed van getrouheid het hy op 16 Januarie 1694 afgelê en tot op 27 Augustus 1701 was hy die persoon wat testamente, kodusille, kontrakte en prokurasies vir die publiek moes opstel.²³

In 1696 het Jan Swart een van die sogenaamde koloniehuisse wat tussen die jare 1692-1694 met die toestemming van die regering op Stellenbosch opgerig is, gehuur.²⁴ Later het Simon van der Stel 'n erf aan hom toegeken. Volgens Johannes van der Bijl, kenner van die ou erwe en wonings van Stellenbosch, was dit die laaste huis links waar Andringastraat in Dorpstraat doodloop. Na Jan Swart se dood (waarskynlik voor 1710)²⁵ het sy seun Pieter (b3) die erf van sy weduweemoeder, Grietje Claasz Coerie, gekoop. Aangesien hy onder die indruk verkeer het dat die kaart en transport van sy moeder se erf verlore gegaan het, het hy aansoek gedoen dat 'n nuwe dokument aan hom uitgereik moet word.²⁶ J. van der Bijl vermoed egter dat Pieter se moeder nooit kaart en transport van haar eggenoot se huis besit het nie en dat die skenking aan hom nooit dokumentêr beskryf is nie. Pieter Swart se versoek kom dus daarop neer dat hy nadat hy die erf van sy weduweemoeder gekoop het, die saak in die reine wou bring.²⁷ Uit Pieter se versoek blyk dat die stamvader in 1742 reeds oorlede was. Moontlik is hy reeds aan die begin van die agtiende eeu oorlede, soos wyle prof. A.M. Hugo ook vermoed het.²⁸ Verder lewer bogenoemde versoekskrif bewys dat Johannes Swart se eggenote, Margaretha Claasz (eintlik Klaasdogter), se van Coerie was. Sy word ook so genoem wanneer sy as getuie by die doop van b2c1 optree. Haar van verskyn egter soms as Coenie.²⁹

Op 6.3.1697 is 'n sekere plasie aan Jan Swart, "crank bezoeker", getransporteer (T412). Die plasie was 'n sekere stuk "land en opstal gelegen aan de Vallei Lucry", blykbaar die huidige "Valley Lustre" op pad na Somerset-Wes. Jan Swart het die plasie van Jean Margra, 'n Hugenoot uit Lausanne, Switserland, gekoop. Graham Botha meen dat Margra se plaas "Aan de Latry" deel gevorm het van die huidige dorp Stellenbosch. Volgens J. van der Bijl is dit waarskynlik foutief.³⁰ Margra het reeds die plaas bewoon voordat dit in 1694 aan hom toegeken is. Dit is nie bekend wat van hom, sy vrou, seun en dogter geword het nadat hy sy grond verkoop het nie. Jan Swart verkoop reeds op 24.11.1700 (T511) die Margra-plaas aan Guillaume du Toit, uit Ryssel. Op 27.9.1710 (T828) verkoop Du Toit "Valley Lustre" weer aan sy skoonseun, die Switser Johann Oberholster.³¹

23. J.P. Claasen: *Die Sieketroosters in Suid-Afrika, 1652-1868*, p. 314

24. H.P. Cruse: 'Die Topografie van die Stellenbossche Skole in vroeëre jare' (*Die Kerkbode*, 1 Des. 1937, p. 1039).

25. C.C. de Villiers en C. Pama: *Geslagsregisters van die ou Kaapse Families III*, p. 951.

26. KAB, Sekretaris van die Politieke Raad, Uitgaande Brieven, C 43/1742.

27. C.G.S. de Villiers: 'Johannes Swart Jan-Seun, stamvader van die Staatspresident' (*Familia* 1(1), 1964/65, p. 16).

28. C.G.S. de Villiers: 'Johannes Swart Jan-Seun, stamvader van die Staatspresident' (*Familia* 1(1), 1964/65, p. 17).

29. Met die beste wil van die wêreld kan opsteller nie altyd in ou dokumente 'n r en 'n n van mekaar onderskei nie. Dog volgens dr. Rijpkema van Den Haag was Grietje Claasz se van Coen en was sy waarskynlik aan Jan Pieterzoon Coen van Hoorn, grondlegger van Nederlands-Indië, verwant.

30. C.G.S. de Villiers: 'Johannes Swart Jan-Seun stamvader van die Staatspresident' (*Familia* 1(1) 1964/65, p. 17).

31. Inligting in Sept. 1959 deur J. van der Bijl verstrekk.

GESLAGSREGISTER

- a *Johannes Jan-seun*, * Hoorn, Nederland ca. 1646, aangekom aan die Kaap tussen 1685 en 1692, woonagtig op Stellenbosch aan die hoek van Dorp- en Andringastraat, † voor 1710, blykbaar op Stellenbosch. In Nederland getroud met Margaretha Klaasdogter Coen(ie) (Coerie)³² wat in 1720 nog geleef het. Sy het in 1692 (1696?) van Nederland aangekom met haar drie seuntjies Nicolaas, Johannes en Pieter en haar by haar eggenoot op Stellenbosch gevoeg. Haar van was nie Claasen nie.
- b1 *Nicolaas*, * Nederland, sterfdatum nie bekend nie, x 24.7.1712 Alida VISSER (a1b1c2), ~ 23.4.1690. In 1719 was Nicolaas burger-infanteris op Stellenbosch en in 1706 kry hy verlof om 'n vrag sout uit "de groene kloov" te gaan haal. Waarom b1 nie Johannes geheet het nie, is moeilik om te begryp. Was hy moontlik die tweede seun?³³ Heet hy na sy moedersvader? Tot tyd en wyl die geboortedatums van die stamvader en sy seuns in Nederland vasgestel word, volg opsteller die genealogiese numerering van C.C. de Villiers en C. Pama.³⁴
- Blykbaar was b1 nooit 'n Overberger nie. Opsteller moet C.C. de Villiers en C. Pama gelyk gee dat die manlike nageslag van b1 uitgestorf het. Te oordeel na die getuies by die doop van hulle kinders was die vriendekring van Nicolaas en Alida maar klein en het amper uitsluitlik uit die Vissers bestaan. Alida se ouers was Coenraad Visser (a1b1) en Catharina Everts van der Zee, * 1671. Haar grootouers was Jan Coenraad Visser van Rondebosch en Margaretha Gerrits, wat in die omgang bekend was as Jan Grof en Grietjie Grof. Doopgetuies van b1 se kinders is: c1 - die stamouers; c2 - Jan Swart (b2) en Alida se suster, Jacomina Visser, (x Beukes, xx Schreuder); c3 Alida se suster, Catharina, en haar man, J.J. Beyers; c4 - J.J. Beyers se suster, Elisabeth, en ene Myndert Mers; c5 - Arnoldus Basson en Katharina Olivier, 'n egpaar; c6 - Nicolaas Swart se broer, Pieter, en sy eggenote, Sara du Buis. Die Beyerse van Bottelary sou veral onder die Caledonse Swarts trou. Beukes is ook 'n bekende Caledonse van.
- c1 *Johannes*, ~ 24.7.1715, blykbaar as kind †.
- c2 *Johannes*, ~ 4.9.1718, x Maria NIEMAND, ~ 29.9.1726 (b13). Die stamouers van die Niemand (Niemann of Niemand) was Johann Niemann uit Altona (huweliksrekord) of Arendsee (testament) en Anna Margaretha Pötter (Putter).
- d1 Johanna Jacoba, ~ 1.4.1759. As kind of ongetroud †.
- c3 *Nicolaas*, ~ 20.10.1720, as kind †.
- c4 *Nicolaas*, ~ 18.7.1723.³⁵
- c5 Margaretha, ~ 21.7.1726.
- c6 *Gerrit*, ~ 1.10.1730, x 13.5.1764 Johanna Adriana APPEL (b2c7d4), ~ 19.1.1749.

32. Kyk voetnoot 18 p.5 en bylae A. (Red.)

33. Kyk voetnoot 18 p.5 en bylae A. (Red.)

34. Aangaande die moontlikheid dat b2c3 die seun van b1 was, kyk bespreking onder b2c3.

35. Vgl. die uiteensetting onder b2c3, ook in 1723 gedoop.

b1

Gerrit se weduwe hertrou met die Duitse stamvader, Johann Georg Bredenhahn van Magdeburg († 14.7.1795). Daar was twee seuns uit laasgenoemde huwelik, die oudste ~ 1775, sodat dit kan aangeneem word dat Gerrit Swart ongeveer 1773/4 oorlede is. c7 is sy tweelingbroer.

c7 *Petrus*, ~ 1.10.1730.

b2 *Johannes*, * Nederland, † voor 1751,³⁶ x Stellenbosch 29.1.1719 Zacharia NIEMANN (NIEMAND), ~ 25.6.1702. Sy was die stamvader se derde kind. Volgens die rekeningboek van die Stellenbosse gemeente was Johannes reeds in 1746 'n Overberger. In 1730 het hy op "Swartrivier", Caledon, wat nou nog 'n Swart-plaas is, gewoon. Moontlik was b2 die stamvader se oudste kind.³⁷

c1 Cornelia, ~ 4.2.1720, † 1750, x 27.7.1738 Hendrik GELDENHUYS (b6c3), ~ 12.7.1717. Hy xx 27.6.1750 Sara Johanna Swart (b3c4), ~ 31.10.1728. Daar was twaalf kinders uit die twee huwelike. Cornelia is blykbaar òf met òf kort ná die geboorte van haar jongste kind oorlede. Vir die bekende verwantskap van die Swarts en die Geldenhuysse is dit belangrik om te onthou dat Hendrik met twee niggies Swart getroud was.

c2 *Johannes*, ~ 24.8.1721, x Maria Francina MEYHUYZEN (b1c6 van hierdie aan die manlike kant uitgestorwe familie), ~ 25.8.1726, † 1764. Die egpaar het op "Kerserivier" onder Elandskloof gewoon. Hy xx 1.9.1765 Johanna LE ROUX (alb3c1), ~ 21.7.1748. Sy xx Johannes Albertus Geldenhuys (b6c3d7), ~ 5.4.1750, 'n seun van Cornelia (b2c1). C.C. de Villiers en C. Pama neem aan dat die nageslag van b2c2 uitgestorwe het, maar daar is net 'n moontlikheid dat die "Uilspieëls" afstammeling van b2c2d3e2 is. Bewysbaar is dit egter nie, behalwe uit "interne" gegewens. Dit is waarskynlik dat Johannes Swart, † 5.2.1767, op b2c2 betrekking het. Sy laaste kind is in 1766 gedoop.

d1 Geertruy, ~ 28.12.1750, x Jan Barend VAN BLERK, ~ 24.5.1739, die oudste kind van die stamvader, Nicolaas van Blerk. Geertruy xx 23.4.1775, Hendrik BADENHORST (b2c2), ~ 29.9.1750. By haar eerste man het sy twee en by haar tweede sewe kinders gehad.

d2 *Jan Andries*, ~ 13.4.1755. Geen bewyse kon gevind word van 'n nageslag nie.

d3 *Jacobus Michiel*, ~ 20.3.1757, † 20.5.1834 op die plaas van Barend Petrus Geldenhuys (b3c4d6e5) in die wyk Botrivier, Caledon. Jacobus Michiel x 5.4.1789 Maria Susanna VAN DEVENTER (b1c5d6), ~ 18.1.1767. Ook haar sterfkennis het bewaar gebly; sy † 30.3.1844 op die plaas van Daniël de Kock, Botrivier. Toe Jacobus se eggenote oorlede is, het òf nege kinders nog geleef, sodat dit haas onbegryplik is dat die familie blykbaar onvrugbaar was. Hulle was baie verarm.³⁸

e1 Maria Francina, ~ 19.9.1790. Sy het in 1844 nog geleef.

e2 *Gerrit*, ~ 20.11.1791. Sterfkennis ontbreek. Hy is vermoedelik die Gert Swart wat op 13.8.1820 op Caledon met Catharina Maria SMITH getroud is. Sy was

36. KAB, Wildschutte Boek.

37. Kyk voetnoot 18 p. en bylae A. [Red.]

38. Moontlik noem die sterfkennis net die kinders sonder dat dit as bewys geld dat hulle nog geleef het. Vgl. e8, † 1839.

b2c2d3

waarskynlik dieselfde Catharina Maria Smit x 1.5.1791 Johannes Niemand (b6c4). Dit is nie uitgeslote dat Gerrit die vader van Gerhardus Jacobus “Swart” (1819-1907) was nie, want waarom het sy moeder, Frederica Nigrini, hom anders Gerhardus laat doop en hom as ’n Swart laat deurgaan?

- e3 Maria Susanna, ~ 19.1.1794, x Johannes Wessel NIEMAND (b6c3d3), ~ 26.2.1792. Sy het in 1844 nog geleef.
- e4 Maria Magdalena, ~ 9.2.1800, het in 1844 nog geleef.
- e5 Johanna Alberta, ~ 9.2.1800, het in 1844 nog geleef.
- e6 Gertruida Jacoba, ~ 28.2.1802, het in 1844 nog geleef.
- e7 Zacharia Elisabeth, * “Waboomskloof”, nou ’n De Wet-plaas, ~ 20.5.1804, † 2.10.1859³⁹ op die Reuensplaas “Brakfontein”, nou ’n Du Toit-plaas. Sy x 7.2.1828 Christiaan Frederik NIGRINI (b2), * “Hermanusrivier”, Caledon, einde 1802, † “Verschfontein”, Caledon, 14.2.1856.⁴⁰ Zacharia Swart was senator A.J. Nigrini († Aug. 1955) se grootjie.
- e8 Jacoba Hendrika, ~ 13.11.1808, † 21.8.1839,⁴¹ “Rietfontein”, Caledon. Sy x Petrus Michiel DE KOCK (b4c14d2), ~ 25.3.1810. Daar was twee seuns en twee dogters. Die sterfkennis is onderteken deur J.R.B. Niemand wie se moeder, Anna Catharina Nigrini (b6), suster van die eggenoot van e7 was.
- e9 *Johannes*, ~ 28.11.1811. Daar is geen bewys dat hy ’n nageslag gehad het nie. Die oudste Swarttak (b2c2d3) het dus uitgesterf. Vir die “mees senior” Swarts moet dus onder die nageslag van Koos Swart (b2c3) gesoek word. Dit neem ons na die Swarts van “Heuningrug”, Bredasdorp.
- d4 Zacharia, ~ 10.2.1760, † 16.2.1842,⁴² x 17.7.1782 (as tweede vrou) Wessel WESSELS (b2c2d4), ~ 18.10.1744. Wessel Wessels was eers getroud met Elisabeth Christina van Dyk (a1b6c4d5).

Uit Wessel Wessels se eerste huwelik stam die Wesselse van “Sanddrif”, Karsrivier en ander Reuensplase. Zacharia Swart het by Wessel Wessels nege kinders gehad. Boy Wessels van “Drogasrivier”, Caledon, het ’n kort geslagsregister van hierdie groot Wesselsstam opgestel. Die huis wat deur die onmiddellike voorvader gebou is, is geleë op “Ouwerf” of “Middelplaas”. Volgens Boy Wessels is dit die een met die latjessolder en ’n adamsvyboom aan sy een hoek. Mev. J.J. de Villiers van “Dunghye Park”, Caledon, gebore Christina Louisa Wessels, meen egter dat die oorspronklike Wesselshuis waarvan sy nog ’n stuk murasie gesien het, lank nie meer bestaan nie hoewel dit wel op “Ouwerf” geleë was. Die stamvader van die Wesselse is in Wesselsstraat, Groenpunt, begrawe.

- d5 Maria, ~ 26.9.1762, x 26.9.1781 Jacobus Johannes SWART (b3c3d3), ~ 22.8.1756, van wie Koos Oor en die Skeerpoort-Swarts van Brits afstam.
- d6 Geertruy Helena, ~ 21.9.1766. Haar moeder was Johanna le Roux, c2 se tweede vrou.

39. WH/K (Kaapstad), sterfkennis nr. 6456/59.

40. WH/K (Kaapstad), sterfkennis nr. 3639/56.

41. WH/K (Kaapstad), sterfkennis nr. 4149/40.

42. WH/K (Kaapstad), sterfkennis nr. 5305/39-42.

c3 *Jacobus*, ~ 1.8.1723, † tussen 1784 en 1790,⁴³ x 29.4.1742 Elisabeth PIETERSE.

Volgens C.C. de Villiers en C. Pama was Elisabeth die dogter van Barend Peters wat in 1710 van Wesel in Suid-Afrika aangekom het en Johanna Nel, dogter van die Hugenote-stamvader Guillaume Nel (Niel), weduwee van Peter Peil. Elisabeth Pieterse (eintlik dus Peters) sou dan op 24.8.1721 gedoop wees. Die geskrewe geslagsregister van die Bredasdorpse Swarts gee haar ouers egter as Hermanus Pieterse en Johanna Vister (Visser) aan. As C.C. de Villiers en C. Pama se afleiding juis is, is dit meer as opvallend dat Elisabeth nooit haar vader (Barend) verdoop het nie, terwyl haar derde seun wel Hermanus Petrus geheet het (b2c3d7). Johanna se werklike ouers kon dus Hermanus Pieterse en Johanna Visser wees, maar hulle is albei onbekendes. Hermanus Pieterse was in 1742 55 jaar oud, d.w.s. hy is ongeveer 1687 gebore, en sy eggenote moontlik 'n paar jaar later. Hermanus pas egter nêrens by C.C. de Villiers en C. Pama in nie en die moontlike Johanna Visser as eggenote vir hom ontbreek ook. Wat die probleem nog vererger is dat die bogenoemde geskrewe geslagsregister Elisabeth Pieterse se eggenoot as Klaas Swart aangee!

(Dieselfde dokument gee ook die eerste vrou van b3c3 foutief aan). Ter ondersteuning van die identifisering van Elisabeth Pieterse deur C. C. de Villiers en C. Pama kan aangevoer word dat haar seun (d7) na haar broer Hermanus heet. As laasgenoemde afleiding reg is, is Elisabeth Peters (Pieterse) op 24.8.1721 gedoop. Haar broer Hermanus was dan getroud met haar man se niggie, Maria Elisabeth Swart (b3c5).

Kort na sy huwelik het Jacobus op "Heuningrug", een van die alleroudste Bredasdorpse plase, gaan woon. Die plaas behoort nou aan Johannes Jochemus Swart (b3c3d15e6f3g3h1), 'n afstammeling van Jacobus (b2c3). Dit is hoogs merkwaardig dat Jacobus homself in sy transaksies met die regering Klaas-seun noem en dat die regering hom so notuleer. 'n Mens kan dit moontlik as 'n fout van een of ander klerk beskou, was dit nie dat Jacobus met die doop van drie van sy kinders (d2d4 en d5) sy naam as Jacobus Swart Klaas-seun opgegee het nie! Hy was dus deeglik onder die indruk dat sy vader Klaas (Nicolaas) geheet het. Indien só, het De Villiers-Pama die geslagsregister van die Swarts verkeerd aangegee; dan was b2c3 'n seun van b1 en is b1 se manlike nageslag nie uitgesterf nie. Maar as Jacobus dan werklik Klaas-seun was, is dit onbegryplik dat hy sy vader se naam nie aan een van sy drie seuns gegee het nie. Hy verdoop egter b1 se vrou, Alida Visser. Opsteller het jarelank reeds met hierdie lastige probleem geworstel, maar as ons die oudste doopregister van Stellenbosch moet glo, is ons verplig om aan te neem dat Jacobus se ouers Johannes Swart en Zacharia Niemann geheet het. Buitendien het Klaas (b1) self in 1723 'n seun, Nicolaas (b1c4), gedoop.

Wie ook Jacobus se vader en moeder was, sy nageslag, die eintlike Soetendalsvlei-Swarts het verskeie fisieke en psigiese eienskappe waaraan 'n mens hulle maklik van die Melkbos-Swarts kan onderskei. Dikwels is 'n hele kleiner tak geneig om uitgesproke rooiblond te wees, terwyl die nageslag van b3c3 meesal donker hare en

43. KAB, Wildschutte Boek.

b2c3

blou oë het. Jacobus se kleinseun, Gert, was ongetwyfde 'n Voortrekker. Die kinders van Jacobus is bepaald onvolledig opgeteken. Dit moet onthou word dat Soetendalsvlei eers 'n deel van die gemeente Stellenbosch en van 1811-1839 'n deel van Caledon (nie van Swellendam nie) was.

- d1 Johanna Catharina, * 6.3.1742,⁴⁴ † 10.8.1819, x 18.3.1759 Johannes BLOM (b4), ~ 5.4.1733, † 22.12.1811 "in de zeventig jaar".⁴⁵ Die huwelik is voltrek deur ds. Appeldoorn. Johanna Catharina het na haar moedersmoeder geheet, of dié nou Johanna Visser of Johanna Nel geheet het. Die geskrewe Blom-geslagsregister bevat 'n volledige geboortelys van Johanna Catharina Swart se kinders. Sy verdoop albei haar ouers, haar suster Alida en selfs haar broer Hermanus.
- d2 Alida (Maria), ~ Drakenstein 2.10.1746, x Maart 1768 Cornelis Janse UYS, ~ 17.6.1736, grootvader van die bekende Voortrekker, Piet Uys. Die vernoeming van Piet Uys se ooms en tantes bewys duidelik dat sy grootmoeder 'n dogter van Jacobus Swart en Elisabeth Pieterse (Peters) was. Die merkwaardige aan Alida Maria se naam is dat dit nie Zacharia is nie. Sy is vernoem na die eggenote van b1 wie se naam Alida was. Let in hierdie verband daarop dat b2c3 homself herhaaldelik Nicolaas-seun noem.
- d3 Jacoba Margaretha, * 1.7.1749, ~ 28.12.1749, † 9.9.1826, volgens geskrewe geslagsregister deur die besitter, wyle Kotie Swart van "Soutkloof", Bredasdorp, in die N.G. Kerkargief, Kaapstad, gehuisves. Sy x 2.12.1766 met haar vader se neef, Pieter SWART (b3c3), * 14.5.1726, † Augustus 1802. Die sterfkennisse is nie in die Kantoor van die Weesheer te vinde nie. Pieter en Jacoba (opsteller se oorgrootjies), het op "Blouklip" en later op "Melkbos", Bredasdorp, gewoon. Die eggenote is die belangrikste agtiende-eeuse skakel tussen die Swarts van Heuningrug-Soetendalsvlei en dié van Soutkloof-Melkbos, hoewel lewende geslagte nie meer van die samehang bewus is nie. Jacoba se nageslag het 'n heeltemal ander voorkoms en geaardheid as dié van Pieter se eerste vrou, Maria Bury.
- d4 Elisabeth Helena, ~ 11.4.1751, x 30.9.1781 Hendrik Matthys APPEL (b2c7d3), ~ 23.5.1745. Net twee dogters is uit die huwelik gebore.
- d5 *Jacobus Nicolaas*, ~ 2.3.1755, x 14.11.1779 Johanna SWART (b3c1d8), ~ 15.11.1761, 'n suster van Koos Swart van Teenstra se reisverhaal.⁴⁶ Haar ouers moes êrens in die wyk Soetendalsvlei-Ratelrivier, Bredasdorp, gewoon het. Sy was 'n kleiniggie van haar eggenoot. Einde 1790 het d5 nog geleef.
- e1 *Jacobus Nicolaas*, ~ 12.11.1780, x 4.7.1802 Johanna Wilhelmina MOOLMAN (b2c6), * Stellenbosch 13.1.1787, ~ 18.3.1787. Dit is onwaarskynlik dat die egpaar voor 1833 oorlede is, maar hul sterfkennisse kon nie opgespoor word

44. Vgl. troudatum van ouers.

45. Ms. Blom-geslagsregister.

46. M.D. Teenstra: *De Vruchten mijner werkzaamheden, gedurende mijne Reize, over de Kaap de Goede Hoop, naar Java, en terug, over St. Helena, naar de Nederlanden*. Die Van Riebeeck - Vereniging, Kaapstad, 1943, pp. 71, 87 en daaropvolgende bladsye.

- nie. Hulle het oorspronklik op “Soetendalsvlei” gewoon, maar opsteller kon nie vasstel of hulle hul drie kinders na Humansdorp vergesel het nie.
- f1 Johanna Wilhelmina, ~ 24.4.1803,⁴⁷ † “Smitskraal” 14.10.1898.⁴⁸ Volgens die familie Malan is sy en haar eggenoot op “Paardenfontein”, Fort Beaufort, begrawe. Haar eggenoot was Stephanus Willem MALAN, * 25.9.1791, ~ 28.10.1792, † “Paardenfontein” 4.5.1871,⁴⁹ en daar begrawe. Sy vader was b6c5. Opsteller lees S.W. Malan se ouderdom 71 jaar, maar dit is moontlik dat die ouderdom of verkeerd bereken was of dat die syfer 9 baie soos ’n 1 lyk. Die manuskrip van Jan Malan gee die troudatum as 5.10.1822 te Swellendam, aan.
- [g1] Johanna Wilhelmina Catharina MALAN, * 18.8.1823, x Hercules MARX.
- [g2] *David Daniël Jacobus MALAN*, * 30.7.1824, x Johanna DU TOIT (Transvaal toe).
- [g3] Elisabeth Catharina MALAN, * 27.3.1826, x Johannes Hendrik VAN DER VYVER. Van dié egpaar het die ongetroude dogter Rosa, * 16.6.1866, nog in 1960 te Adelaide, KP, geleef.
- [g4] Anna Margaretha Redeniera Gezina MALAN, * 20.8.1827, x J.H. DE LANGE.
- [g5] Emmerentia Johanna Petronella MALAN, * 22.10.1829, x J. LOURENS. Voor haar moeder †.
- [g6] *Jacobus Nicolaas MALAN*, * 9.10.1831, aan die familie bekend as Oom Jaap Riebeeck-Oos, x Johanna LÖTTER. Hy het 102 geword.
- [g7] *Stephanus Willem MALAN*, * 5.5.1833, nie in sy ouers se sterfkennisse genoem nie.
- [g8] Cecilia Daniëlina Maria MALAN, * 30.11.1834, x M.D. VAN DEVENTER.
- [g9] *Petrus Lafras MALAN*, * 26.9.1836, x Jakkie N.N. van “Paardenfontein” na Transvaal getrek. Hy is voor sy moeder oorlede.
- [g10] *Hercules Philippus Andries MALAN*, * Julie 1838, voor albei ouers oorlede.
- [g11] Judi Marthalena MALAN, * 26.6.1840, voor albei ouers oorlede.
- [g12] *Daniël Jacobus MALAN*, * 20.6.1842, † 31.5.1906. Hy het “Paardenfontein” geërf, x Margaretha Aletta MOOLMAN, * 8.11.1841, † 18.3.1921, van Soekoe, Humansdorp. Die twee broers, senator Daniël Jacobus Malan (* 31.7.1901) en Johannes Nicolaas Malan (* 8.8.1903), ’n administrateur van Kaapland, is kleinseuns van bogenoemde egpaar.
- f2 *Jacobus Nicolaas*, ~ 17.2.1805, † 18.2.1867,⁵⁰ x Uitenhage 4.1.1823 Johanna Petronella MOOLMAN (b2c3d3), ~ 29.11.1806, † 29.8.1870.⁵¹ Die genealogiese hoof van die Swarts stam van hom af. Die opsporing van sy nageslag was ’n uiters moeilike en tydrowende onderneming wat jare geduur het en eers einde 1960 afgesluit is. In die noordelike Weesheerkantore is vergeefs na die sterfkennisse van sommige kinders gesoek. Jacobus Nicolaas het in die Kaapkolonie op Boesmansrivier en Gamtoosrivier gewoon.

47. Ms. in besit van Jan Malan van “Rietfontein”, Fort Beaufort.

48. WH/K (Kaapstad), sterfkennis nr. 3263/98.

49. WH/K (Kaapstad), sterfkennis nr. 7186/71.

50. WH/K (Kaapstad), sterfkennis nr. 3362/67.

51. WH/K (Kaapstad), sterfkennis nr. 6522/70.

b2c3d5e1f2

- g1 Johanna Margaretha Wilhelmina Catharina, * 17.3.1824. Lewende familie onthou net van haar dat sy ongetroud oorlede is. 'n Brief van Hermanus Bernardus (b2c3d5e10) se eggenote (Cornelia Hester, geb. Moolman), gedateer 13.2.1873, vertel dat g1 aan huis van haar broer oorlede is.
- g2 Cornelia Hester, * 3.5.1826. Sy word nie in haar ouers se sterfkennisse genoem nie en is moontlik reeds as kind oorlede. Sy is egter gedoop.
- g3 Susanna Maria, (soms bekend as Susanna Margaretha, maar sy is Susanna Maria gedoop), * 15.12.1828, x Daniël Jacobus MALAN, van Adelaide. Uit dié huwelik was daar net 'n dogter.
- [h1] Johanna Petronella Wilhelmina MALAN, x Gert Willem DU TOIT, voormalige Volksraadslid vir Middelburg, Tvl. Laasgenoemde egpaar was die ouers van die weduwee van ds. Van der Walt van Heidelberg, Tvl., wat haar ouma ook as Susanna Maria onthou het. Susanna Maria en haar eggenoot het in 1875 op "Rietspruit", Middelburg, Tvl., gaan woon. Sy † "Rietspruit", ca. 1887.
- g4 Catharina Elisabeth, * 26.4.1830, x Wessel Hendrik SWART (Groot Wessel), (b2c3d5e10f2), * 22.3.1823, † "Aangewys", Middelburg, Tvl. 25.11.1890.⁵²
- g5 *Jacobus Nicolaas*, * 13.4.1833. Hy was lam en is ongetroud oorlede.
- g6 *Wessel Hendrik* (Klein Wessel), (Vgl. sy swaer, die eggenoot van g4) * Soekoerivier, Humansdorp 14.5.1835. Hy het gewoon waar die stasie Vandyksdrif, Tvl., nou geleë is. Hy x Uitenhage 21.4.1858 Martha Magdalena FERREIRA, * na 1837, † Dalmanutha 1917 en begrawe of op Machadodorp of op Dalmanutha. Martha Magdalena was 'n suster van die eggenoot van g12 en blykbaar 'n dogter van Jacobus Ignatius Ferreira (b3c8d4). Die egpaar het in die Kolonie op "Die Fontein", naby Jeffreysbaai, gewoon. Die huidige eienaar is Thys Swart. Omdat Klein-Wessel die oudste seun van b2c3d5e1f2 is wat getroud was, moet die genealogiese hoof van die familie Swart onder sy nageslag gesoek word. Klein-Wessel is in die Tweede Vryheidsoorlog oorlede en op Middelburg, Tvl., begrawe.
- h1 *Jacobus Nicolaas*, * 15.3.1860. Daar geen lewende familielid hierdie kind onthou nie, is dit waarskynlik dat hy op baie jeugdige leeftyd gesterf het.
- h2 Sara Johanna, * 5.6.1861, x Hendrik BOSHOFF. Hierdie tant Sarie word as die oudste kind van Klein-Wessel onthou. Die egpaar het op Bethal of in die distrik gewoon.
- h3 *Jacobus Ignatius*,⁵³ * 27.10.1862. Ongetwyfeld as kind oorlede.
- h4 Johanna Petronella, * 15.4....., x Joseph Benjamin ROBINSON, 'n broerskind van sir J.B. Robinson. Die egpaar het drie seuns en twee dogters gehad. Die dogters was mev. Martha Sutcliff-Robinson van Middelburg, Tvl., en mev. B. Burger van Nigel.
- h5 Martha Magdalena Elisabeth, x Stephanus Paulus Hermanus GROBLER. Daar was twee seuns en vier dogters.

52. WH/T (Pretoria), boedel nr. 5942.

53. Moes waarskynlik Ignatius Jacobus gewees het.

b2c3d5e1f2g6

- h6 *Wessel Hendrik*, * 25.3.1866, † 6.1.1930, x Johanna Catharina SWART (b3c1d13e10f6g3), * 12.1.1877, † 22.5.1922.
- i1 *Wessel Hendrik* (enigste kind), * 18.7.1916, x 25.3.1939 Johanna Aletta Magdalena LOTHERINGEN, * 31.7.1916. Hulle het in Johannesburg gewoon.
- j1 Johanna Catharina, * 23.3.1940, x 10.12.1960 Hermanus Theodorus BEKKER, * 27.1.1933.
- j2 Martha Maria, * 2.2.1942.
- j3 Anna Catharina, * 16.2.1947.
- j4 *Wessel Hendrik*, * 16.8.1949.⁵⁴
- h7 *Petrus Lafras*, * 27.1.1870, † Eersbewoond (sowat 12 km van Nylstroom) Mei 1945, x Nylstroom 11.4.1896 Hester Jacoba DE BEER, * 27.10.1874, † 4.1.1944. Petrus Lafras, sy eggenote en seun is op Eersbewoond begrawe.
- i1 Hester Jacoba, * 1.3.1897, x 22.12.1922 Johannes Michiel VAN ROOYEN, * 23.9.1899.
- [j1] Hester Jacoba VAN ROOYEN, * 14.1.1924, x rolprentregisseur Jamie UYS.
- [j2] Johanna Christina VAN ROOYEN, * 12.7.1929, sekretaresse van Jamie Uys, haar suster se eggenoot.
- i2 Martha Magdalena, * 15.12.1903, x 9.7.1932 Louis Wilhelmus Jacobus KOTZE, * 27.9.1903.
- [j1] Hester Laurika KOTZE, * 5.8.1933, x Harm MEYER, 'n Nederlander.
- [j2] Louisa Marlina KOTZE, * 17.1.1941.
- i3 *Wessel Hendrik*, * 11.5.1916, ongetroud † 27.10.1938.
- h8 *Ignatius Jacobus*, * Humansdorp 19.4.1871, † Mafeking 19.12.1945, x 7.3.1905 Hester Gertruida Alida Jansen VAN VUUREN, * 4.3.1882 in die distrik Nylstroom. Sy het as weduwe op Mafeking gewoon.
- i1 Magdalena Elisabeth, * 19.12.1905, x 2.10.1937 Adriaan Stephanus STRYDOM, * 27.3.1904. Die egpaar woon op Mafeking.
- [j1] Hester Hilda STRYDOM, * 12.10.1938.
- [j2] Martha Mercia STRYDOM, * 6.3.1940.
- [j3] *Adriaan Stefanus STRYDOM*, * 12.10.1942.
- [j4] Susarah Johanna STRYDOM, * 26.2.1945.
- i2 Martha Elisabeth, * 23.6.1908, x 25.11.1930 Louis Jacobus LE GRANGE, * 15.3.1901. Die egpaar woon op Coligny.
- [j1] Memory LE GRANGE, * 30.1.1932, x 25.9.1954 Jan P.B. LANDSBERG.
- [j2] Louie Joy LE GRANGE, * 10.4.1938.
- [j3] Dawn Elisabeth LE GRANGE, * 8.6.1943.
- i3 Susara Johanna, * 27.12.1909, x 15.11.1947 Petrus Gerhardus VAN BILJON, * 20.7.1914.
- [j1] Hester Gertruida VAN BILJON, * 29.10.1948.
- [j2] Johanna Wilhelmina Magdalena VAN BILJON, * 19.2.1954.

54. Hy is die genealogiese hoof van die familie Swart in Suid-Afrika.



Martha Magdalena Elisabeth Swart (b2c3d5e1f2g6h5) en haar eggenoot Stephanus Paulus Hermanus Grobler

Foto: PROF. DR. C.G.S. DE VILLIERS



*Dorothea Maria Susanna Grobler, geb. Swart (tant Dorie) (b2c3d5e1f2g6h10), * 15.8.1877, † 2.2.1926*

Foto: PROF. DR. C.G.S. DE VILLIERS

b2c3d5e1f2g6

- h9 Cornelia Hester, * 26.12.1872, † 1.1.1950, x Louis Johannes (Baas) MOOLMAN, seun van L.J. Moolman (* 1839, † Bethal 7.3.1895) en Cornelia Hester Helm. Laasgenoemde se ouers was George Evans Helm van Bredasdorp en Johanna J.M. Swart (b2c3d5e10f4); xx Jonathan Johannes FOURIE, * 21.11.1873, † 28.11.1925; xxx STREICHER. Cornelia Hester (h9) het by haar eerste man net 'n dogter en by die tweede man vyf seuns en twee dogters. Haar tweede seun is W.H. Fourie, eertydse parlamentslid vir Barberton.
Strandveldse plaas Heuningrug grootgeword het, het op jeugdige leeftyd na Bredasdorp gegaan. Hy het daar 'n leidende rol gespeel in die ontwikkeling van die dorp en het die Bredasdorpse Eksekuteurskamer opgerig, waarvan hy baie jaar lank bestuurder was. Haar moeder, 'n mooi Kennedy van Robertson afkomstig, is as musikonderwyseres opgelei onder wyle professor Jannasch op Stellenbosch. Haar oupagrootjie, James Piers Kennedy, was 'n Ier wat hom in Suid-Afrika kom vestig het. Audrey het op Bredasdorp skoolgegaan waar sy die hele tydperk van haar gelukkige kinderdae deurgebring het. Die lang somervakansies aan die suidelike kus op die stranddorpie Waenhuiskrans, en die wintervakansies by haar Ierse tantes op 'n plaas aan die voet van die Langeberge, het 'n onuitwisbare indruk op haar gemaak en het 'n blywende liefde vir daardie landstreek by haar gewek.

Nadat sy gematrikuleer het, is sy na die Universiteit van Stellenbosch waar sy ses jaar lank gestudeer het. Daar het sy die graad M.A. in Nederlands-Afrikaans met onderskeiding behaal, die eksamen vir die Sekondêre Onderwysersdiploma ook met onderskeiding afgelê en 'n tweetalige onderwyserskursus in voordrag en toneelkuns gevolg. Sy het in die redaksie van *Die Stellenbosche Student* gedien en het 'n leidende aandeel aan allerlei studente-aangeleenthede geneem. Op Stellenbosch het sy vir Andries Bignault leer ken en in Junie 1941 is sy met hom getroud nadat sy slegs 'n jaar lank onderwys gegee het. Nege maande lank het hulle op Graaff-Reinet gewoon waar haar man aan die Opleidingskollege verbonde was. In April 1942 kry hy egter 'n aanstelling as hoof van die Jan Kriel-skool en Tehuis vir Epileptici op Kuilsrivier, waar hulle drie jaar lank gewoon het en waar hul enigste dogter, Marietjie, gebore is. Die werk wat Andries Bignault in aanraking met die epileptiese kinders gebring het, het hom laat besluit om in die medisyne te gaan studeer met die oog op die psigiatrie. Om hierdie studie vir hom moontlik te maak, het Audrey 'n betrekking as redaktrise van *Die Huisvrou*, 'n Afrikaanse weekblad vir vroue, aanvaar. Hierdie betrekking het sy elf jaar lank beklee. Terselfdertyd het sy 'n begin gemaak met spesiale radioprogramme vir vroue-luisteraars oor die Afrikaanse sender van die SAUK. Van Februarie 1946 tot Mei 1952 was sy organiseerster van *Vrouerubriek* vir die Afrikaanse Program in Kaapstad.

In Augustus 1950 het sy op aandrang van die redaksie van *Sarie Marais* 'n gereelde rubriek in dié blad begin skryf onder die opskrif *Uit die Dagboek van 'n Vrou*. Van hierdie essays het in Desember 1956 in boekvorm verskyn onder die titel *In Klein Maat*. 'n Tweede bundel, *Die Vrolike Lied*, is in November 1957 gepubliseer. Van haar het verder verskyn: *Met ligter tred* (1962), *Die blye dae* (1965), *Die pleisterboom* (1967), *Om die son te aanskou* (1968), *Die verlange loop ver* (1969), *Die rooi granaat* (1970), *Die wind van die see af* (1972).⁸

[ii] Marié BLIGNAULT, * Kaapstad 27.9.1942, x Kaapstad 11.1.1964 Daniël Christoffel Frederik (Chris) HEESE, * Durban 5.3.1941. Sy skryf essays vir 'n gereelde rubriek in *Sarie Marais* onder die outeursnaam Marie Heese. In

8. Lewenskets goedgunstiglik beskikbaar gestel deur die Nasionale Dokumentasiesentrum vir Afrikaanse Taal- en Letterkunde, RGN, Pretoria. [Red.]



*Audrey Bettie Swart (Audrey Blignault) [b3c3d15e6f3g7h1],
6.7.1916.

Foto: NASIONALE DOKUMENTASIESENTRUM VIR
AFRIKAANSE TAAL- EN LETTERKUNDE, RGN.



*Marie Blignault (Marie Heese) [b3c3d15e6f3g7h1i],
27.9.1942.

Foto: SARIE MARAIS.

b3c3d15e6f3g7h1i1

- 1972 verskyn sommige van haar essays in boekvorm, getitel *Tokkelspel* en in 1976 'n roman, *Die uurwerk kantel*.
- [j1] *Frederik Daniël (Fritz) HEESE*, * Durban 3.3.1967.
- [j2] *Adré Elizabeth HEESE*, * Durban 5.1.1969.
- [j3] *Andries Johannes HEESE*, * Durban 3.2.1971.
- h2 *Yvonne Anna*, * 5.4.1918, † Stellenbosch 1972, x 20.1.1945 *Gerhard Herbert SCHRÖDER*, * Duitsland 21.12.1906. Gerhard het in 1930 van Breslau, Silesië, na Suid-Afrika geïmmigreer.⁹
- [i1] *Gerhard Johann SCHRÖDER*, * 6.7.1946.
- [i2] *Karin SCHRÖDER*, * 27.10.1948.
- h3 *Valmain*, * 5.5.1919, † 12.2.1923.
- h4 *John Kennedy (Ken Swart)*, * 6.6.1922, ongetroud † Kaapstad 15.10.1962, Ω Stellenbosch. Hy was in lewe radio-omroeper en regisseur. Skrywer van die vervolgerhaal *Die Strandloperjie*.
- h5 *Christopher Vernon*, * 24.1.1925, x 10.12.1948 *Maureen SWANEPOEL*, * 26.7..... Die egpaar woon op Stellenbosch.
- i1 *Johan Jerome Anton*, * 12.5.1950.
- i2 *Justin Squires*, * 6.5.1957.
- i3 *Christopher Vernon*.
- f4 *Cornelia Gertruida Susanna*, * “Elandsdrif”, Bredasdorp, 15.12.1847, † “Dunhye-Park”, Caledon, 10.11.1905, x 25.9.1866 *Andries Stephanus DE VILLIERS* (a1b1c1d6e7f5), * 1.6.1842, † Caledon 17.4.1921. Hy xx 7.6.1907 *Johanna Magrieta DELPORT*, wed. v. *Jan Gysbert Hugo*, * 24.7.1852, † 18.4.1942. *Andries* was afkomstig van *Perdeberg Caledon*. Hy en sy eerste vrou is albei op “Boplaas”, *Perdeberg*, begrawe.
- [g1] *Jan Jeremias DE VILLIERS*, * *Perdeberg*, Caledon, 29.7.1867, ongetroud † “Die Mond”, *Hermanus*, 10.2.1933, Ω *Perdeberg*.
- [g2] *Johanna Catharina Hendrina DE VILLIERS*, * *Perdeberg* 19.3.1870, † Bredasdorp 8.12.1954, x 23.9.1923 *Jacobus Johannes SWART* van “Hermaansheuvel”, Bredasdorp, * 26.3.1866, † Bredasdorp 24.4.1944. Die egpaar Ω Bredasdorp. Huwelik kinderloos.
- [g3] *Susanna Martha Magdalena DE VILLIERS*, * *Perdeberg* 16.6.1873, ongetroud † Stanford 16.12.1946, Ω Stanford.
- [g4] *Johannes Urbanus DE VILLIERS*, * 22.10.1885, † *Perdeberg*, Caledon, 25.7.1932, x 27.9.1910 *Anna Marthina DU TOIT*, * 31.1.1884, † *Perdeberg*, d.v. *Michiel Hendrik du Toit* van “Klipdrif”, Caledon. Die egpaar Ω *Perdeberg*. Die egpaar het drie seuns gehad.
- [g5] *Andries Stephanus DE VILLIERS*, * 22.9.1888, † Stanford 28.8.1947, Ω Stanford, x 31.1.1928 *Susanna Margaretha Petronella DE VILLIERS* (a1b1c1d6e8f1lg7), * 25.11.1897, d.v. *Jacob Matthys de Villiers* en *Sophia Margaretha Petronella*

9. D.F. du T. Malherbe: *Stamregister van die Suid-Afrikaanse Volk*, 1966, p. 909.




*Cornelia Gertruida Susanna de Villiers, geb. Swart (b3c3d15e6f4), * 15.12.1847, † 10.11.1905, prof. De Villiers se moeder.*

Foto: DIE HUISGENOOT.



*Johanna Catharina Hendrina Swart, geb. De Villiers (b3c3d15e6f4g2), * 19.3.1870, † 8.12.1954, prof. Con de Villiers se oudste suster.*

Foto: DIE HUISGENOOT.



*Jan Jeremias de Villiers Swart (oom Jermie) (b3c3d15e6f11), * 7.11.1866, † 27.9.1939.*

Foto: DIE HUISGENOOT.



*Prof. dr. Cornelius Gerhardus Stephanus (Con) de Villiers [b3c3d15e6f4g6], * 16.12.1894, opsteller van hierdie geslagsregister.*

Foto: DIE BURGER.

de Bruyn. Die egpaar het op Modderrivier, Caledon, gewoon en het twee seuns en een dogter gehad.

[g6] *Cornelius Gerhardus Stephanus DE VILLIERS*,¹⁰ * “Dunghye-Park”,¹¹ Caledon, 16.12.1894. Ongetroud en woon op Stellenbosch.

Hy is die opsteller van hierdie geslagsregister. Dr. Con, in wese 'n Overberger, het aan die universiteite van Stellenbosch en Zürich in die wetenskap gestudeer. Nadat hy eers lektor aan die T.U.K., Pretoria, was, is hy in 1923 as hoogleraar in soölogie aan die Universiteit van Stellenbosch aangestel. Hier het hy tot sy aftrede in 1959 belangrike navorsingswerk gelei. Die hoë internasionale agting wat dr. Con de Villiers geniet, blyk uit al die eerbetuigings wat hom al te beurt geval het. Omstreeks 1934 is hy deur bemiddeling van prins Labia na Rome, waar hy anderhalwe jaar as gasprofessor lesings gehou het. Daarna het hy ook as gasprofessor aan 'n aantal Duitse universiteite gewerk. Kort daarna is hy deur die *Carnegie Corporation of International Peace* na Amerika genooi, waar hy as gasprofessor verskeie Amerikaanse universiteite, o.m. Harvard, besoek het. Dr. Con de Villiers was nie alleen voorsitter van die Suid-Afrikaanse Genootskap ter Bevordering van die Wetenskap nie, maar ook lid van die Koninklike Vlaamse Akademie en die Akademie van Ferrara, een van die oudstes in Italië. In 1948 het die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns die Havenga-prys aan hom toegeken vir sy groot bydrae tot die biologiese wetenskap.

Dr. Con de Villiers het nie alleen vakkennis aan sy studente oorgedra nie, maar ook 'n algemene kulturele agtergrond — sy lesings oor die dierkunde was bv. altyd deurspek met aanhalings uit Goethe! Van jongs af het hy belang gestel in die letterkundes van verskillende volke en ook in die skone kunste, veral die musiek. Hy het 'n deeglike kennis van Duits, Italiaans, die Skandinawiese tale en verskeie ander wat hy ook bestudeer het. Reeds in 1925 verskyn sy vertaling in Afrikaans van *Viktoria* van Knut Hamsun, 'n Nobel-pryswenner met wie hy goed bevriend was. Sedertdien het verskeie van sy vertalings uit Italiaans, Noors en die ander Skandinawiese tale verskyn. In 1953 is die Akademieprys vir vertaalwerk aan hom toegeken vir sy Afrikaanse weergawe van *Elias Portulu* van Grazia Deledda — nog 'n Nobel-pryswenner met wie hy persoonlik bekend was.

In die twintiger- en dertigerjare, toe daar nog geen afdeling vir drama op Stellenbosch was nie, het dr. Con de Villiers talle toneelstukke van Ibsen, Pirandello, Hauptman en Thoma vertaal en self opgevoer. Van hom het André Huguenet gesê dat “hy meer (toneel)talent as enige van sy opvolgers ontdek het”. Gedurende 1964 se Kunsfees op Stellenbosch het beide dr. F.E.J. Malherbe en Anna Neethling-Pohl hom vir sy baanbrekerswerk op toneelgebied geloof. Dr. Con de Villiers het hom eers hoofsaaklik op vertaalwerk toegelê. Die laaste klompie jare het hy hom eger al hoe meer aan eie skeppingswerk begin wy. Sy vyf boeke oor sy “klein vaderland”

10. Kyk bylae E: C. Rudolph: ‘C.G.S. de Villiers’ (*Onderwysblad*, Julie 1975). 'n Biografiese artikel oor hom, ‘Dr. Con de Villiers — van Donkiespad tot Vatikaan’ deur Audrey Bignon het in die bylae tot *Die Beeld* van 14.12.1974 verskyn. [Red.]

11. Volksetimologies vervorm tot “Donkiespad”.

kan beskou word as belangrike kultuur-historiese dokumente. Met innige menslikheid, insig, simpatie en piëteit herskep hy in hierdie werke 'n tydperk en lewenswyse wat, helaas, vir altyd verby is en wat 'n mens met so 'n hunkering en heimwee vervul. Dr. Con de Villiers het altyd intens belang gestel in die wêreld van eergister, en hy het baie tyd aan navorsing i.v.m. die geslagsregisters van veral die families De Villiers en Swart bestee.

Deur sy vele musiekwaarderingslesings deur die jare heen en sy bydrae tot die ontstaan van die Stellenbosse Sangfees het dr. Con de Villiers geslagte van studente musiekbewus gemaak. Sy musiekbedrywighede was egter geensins tot Stellenbosch beperk nie. Sedert die twintigerjare verskyn artikels van hom in *Die Burger* en *Die Huisgenoot*. Hy was waarskynlik ook die eerste persoon wat in Afrikaans 'n deeglike studie van die geskiedenis en waarde van ons kerkmusiek gemaak het. Baie jare lank is hy reeds 'n geliefde radiopersoonlikheid. Hy was ook twaalf jaar lank lid van die Beheerraad van die SAUK. Soos hy op onderhoudende wyse in *Musici en Mense* beskryf, het hy saam met mev. Gladys Hugo en mej. Joan van Niekerk konsertreise dwarsdeur Kaapland onderneem. Benewens kunsliedere en opera-arias is ook Afrikaanse volksliedere wat hy in die distrik Caledon opgeteken het, asook sy vertalings van Europese volksliedere, voorgedra. 'n Aantal van hierdie verwerkings van volksliedjies is in die jongste F.A.K.-Sangbundel opgeneem. As bioloog kon dr. Con de Villiers 'n besondere studie van die fisiologie van sang maak. Hy besit ook 'n unieke diskoteek van veral die grootste sangsterre van hierdie eeu.

Gedurende sy lang loopbaan het dr. Con de Villiers met 'n ryke verskeidenheid van belangrike persone in aanraking gekom. Onder hulle tel mev. (genl.) Piet Joubert, mev. (pres.) Steyn, genl. Louis Botha, genl. Smuts (hy het dr. Con altyd "Tiny" genoem!), dr. D.F. Malan, pous Pius XI, Mussolini, die Nobel-pryswenner Luigi Pirandello, Willem Hendrik van Loon, die sangmeester Pescia en selfs Boris Karloff, om nie eens van al die natuurwetenskaplikes, o.a. Oskar Hertwig, een van die vaders van die biologie, te praat nie. Tog is dr. Con de Villiers geen snob nie. Op 'n dorp waar sommige mense nogal gesteld is op hul akademiese status, het hy intieme huisvriende uit heeltemal nie-akademiese kringe. Vir hom is dit, tereg ook, nie eer, posisie of geleerdheid wat tel nie, maar die mens self.¹² Dr. Con se bekendste vertalings sluit o.a. die volgende werke in: *Viktoria en Groeiende Aarde* van Knut Hamsun; *Rosmersholm* van Henrik Ibsen; *Tom in die berg* van I. Svinsaa; *Elias Portulu* en *Die Moeder* van Grazia Deledda; *Die lewe wat ek jou gegee het* van Luigi Pirandello; *Skandinawiese vertellings* en *Die kortverhaal in Skandinawië*. Van sy eie bundels sketse en verhale is die bekendste *Snel dan jare: Overbergse sketse en verhale*; *Klein Vaderland: verdere sketse en verhale uit die Overberg*; *Musici en Mense*; *Ons klassieke erfenis*; *Overbergse eergister*; *Donkiespad*; *Medereisigers*; *Goue fluit, goue fluit*; *Ma se gesangboek* en *Die sneeu van ander jare*.¹³


12. Gegewens in hierdie biografiese skets is ontleen aan 'n berig in *Die Burger*, 16.12.1964 deur Frits Stegmann. [Red.]

13. Gegewens verstrekk deur die Nasionale Dokumentasiesentrum vir Afrikaanse Taal- en Letterkunde, RGN, Pretoria. [Red.]

- f5 Sophia Margaretha Petronella, * “Elandsdrif”, Bredasdorp, 25.11.1850, † “Dunghye-Park”, Caledon, 22.6.1905, x 12.12.1871 Barend Johannes JORDAAN, * 3.8.1846, † 15.9.1929. Die egpaar Ω Caledon.
- [g1] *Jacobus Daniël JORDAAN*, * 11.8.1874, † 16.8.1938, x Maria Johanna SWART, * 9.9.1878, † 10.8.1922, d.v. Louis Cornelis Swart, xx 19.8.1924 Johanna Christina WESSELS, * 22.9.1875, † 10.3.1944.
- [g2] *Johannes Urbanus Swart JORDAAN*, * 12.6.1878, † 24.1.1963, x 15.8.1905 Johanna Christina SWART, * 13.6.1885, reeds †, d.v. Gerhardus Paulus Swart.
- [g3] *Barend Johannes JORDAAN*, * 10.4.1880, † 1.12.1950, x 3.4.1906 Aletta Johanna SWART, * 21.11.1884, d.v. Jurie Johannes Swart. Aletta xx Andries Johannes DE VILLIERS, s.v. Andries Johannes de Villiers.
- [g4] *Gerhardus Paulus JORDAAN*, * 29.12.1882, † 16.9.1943, x 12.9.1905 Catharina Elisabeth Johanna SWART, * 2.9.1886, d.v. Pieter Gerhardus SWART.
- [g5] *Jan Jeremias de Villiers JORDAAN*, * 28.8.1885, † 19.10.1955, x 18.5.1909 Susara Johanna Gertruida EKSTEEN, * 17.6.1888.
- [g6] Johanna Catharina Hendrina JORDAAN, * 11.4.1891, x 6.5.1912 Philippus Johannes DE BRUYN, * 30.11.1883.
- f6 *Gerhardus Paulus*, * 26.11.1852, verongeluk Caledon 26.6.1905, x 1888 Johanna Catharina LOURENS, † Conradie-Tehuis 27.12.1947. Gerhardus Ω Caledon.
- g1 *Johannes Urbanus*, sneuwel gedurende Eerste Wêreldoorlog. Ongetroud.
- g2 *Hendrik*.
- g3 Catharina, x HIGGO.
- f7 *Jacoba Margaretha*, * “Elandsdrif”, Bredasdorp, 3.7.1855, † “Boplaas”, Perdeberg, Caledon, 12.12.1937, Ω Perdeberg, x 15.12.1874 Michiel Casparus BLOM, * 18.8.1852, † Perdeberg, Caledon, 25.3.1925, Ω Perdeberg.
- [g1] *Jurie Johannes BLOM*, * 19.11.1875, † 4.4.1963, x 26.8.1904 Cornelia Gertruida Petronella DE VILLIERS (a1b1c1d6e7f9g1), * 19.4.1882, † 6.8.1969, d.v. Pieter Johannes Stephanus de Villiers en Johanna Catharina Christina Lourens van Modderrivier, Caledon.
- [g2] Johanna Catharina Hendrina BLOM, x Coenraad FOURIE (Langboeta).
- [g3] *Johannes Urbanus BLOM*, x Sara VANDYK.
- [g4] Martha BLOM, x Michiel FRANKEN.
- [g5] *Gerhardus Paulus BLOM*, ongetroud †.
- [g6] *Michiel Casparus BLOM*.
- [g7] Susanna Magdalena Martha BLOM, x Josias J. DU TOIT.
- [g8] *Matthys Johannes BLOM*, x N.N. Die egpaar het op Middelburg, Tvl., gewoon.
- f8 Maria Jacoba, * 17.12.1857, jonk †. Haar moeder, “Lelike Hannie”, is met haar geboorte oorlede.
- f9 *Jan Jeremias de Villiers*, * 12.9.1859, as kind †.
- f10 Susanna Magdalena Martha, * 15.4.1861, ongetroud † “Elandsdrif” 26.1.1879.

- f11 *Jan Jeremias de Villiers* (Jermie), * 7.11.1866, † Bredasdorp 27.9.1939, Ω Bredasdorp, x 13.7.1909 Elisabeth Cornelia Jacoba NEETHLING, * 11.1.1872, † “Elandsdrif” 15.4.1911, xx 31.8.1914 Anna Tobia VAN SCHOOR, * 27.2.1879, † Bredasdorp 11.2.1971. Jermie Swart het op “Elandsdrif”, Bredasdorp, geboer, maar later van jare op Bredasdorp gewoon.¹⁴
- g1 Gertruida Johanna Brink, * 5.6.1910, † 15.4.1948, x 17.12.1947, Pieter Arie KRUL, * Nederland 21.6.1911. Hy was ’n Nederlandse immigrant.
- g2 Maria Carolina, * 4.6.1915.
- g3 Susanna Magdalena Martha (Suzanne), * 12.7.1919, † Pretoria 12.2.1974, x 11.4.1958 J.J. VAN RENSBURG, ’n argitek. Na hul huwelik het die egpaar te Albertstraat 68, Pretoria, gewoon. Suzanne Swart was voor haar huwelik ’n bekende radiopersoonlikheid, verbonde aan die SAUK, Kaapstad. ’n Bundel sketse, *Soe! Anysberg*, het postuum in 1976 verskyn onder die outeursnaam Suzanne van Rensburg.
- [h1] Anne-Marie VAN RENSBURG, * 12.1.1960.
- [h2] Mary Elizabeth VAN RENSBURG, * 12.7.1961.
- g4 *Johannes Urbanus*, * 24.4.1922, x 1.1.1954 Louisa VILJOEN. Die egpaar woon op Riviersonderend.
- h1 *Jan Jeremias de Villiers*, * 3.12.1955.
- h2 *Thomas*.
- h3 *Johannes Urbanus*.
- f12 Christina Frederika Louisa, * “Elandsdrif” 3.9.1868, ongetroud † Bredasdorp 6.3.1933.
- f13 Elisabeth Helena Dojema, * “Elandsdrif” 17.5.1872, † “Elandsdrif” Maart 1881, Ω “Elandsdrif”.
- f14 Mary Sophia Louisa, * “Elandsdrif” 21.4.1874, ongetroud † “Elandsdrif” 14.7.1899, Ω “Elandsdrif”. Die grafsteen is stukkend.
- f15 *Pieter Gerhardus Matthys*, * “Elandsdrif”, 25.5.1877, † “Prinskraal”, Bredasdorp, 27.2.1961, Ω Bredasdorp, x 5.4.1904 Dinah Maria Susanna SWART, * 6.11.1881, † “Prinskraal” 21.9.1941, van die Heuningrug-Swarts, xx Elisabeth Josiena DU RANDT, * 8.12.1901. Tweede huwelik kinderloos. Die weduwee het in Kaapstad gewoon. Pieter (f15) het ook enige jare in Humansdorp geboer.
- g1 Sophia Margaretha (Kokkie), * “Elandsdrif” 7.1.1905, † Kaapstad 26.6.1970, x 7.8.1929 Petrus VAN EEDEN, * 15.4.1900, † Swellendam 17.6.1968. Die egpaar Ω Swellendam.
- g2 Susanna Magdalena Martha (Soeës), * “Elandsdrif” 18.3.1908, x 25.6.1935 David Johannes MENTZ (b5c7d11e1), * 21.9.1903, s.v. Jan Carel Mentz en Anna Margaretha Erasmus. Die egpaar woon in Kaapstad en het ’n enigste dogter.

14. Kyk bylae C: C.G.S. de Villiers: ‘Ek kuier by Ouma Swart’, (*Die Huisgenoot*, 23.4.1948, pp. 23, 68, 69). [Red.]



*Gerhardus Paulus Swart (b3c3d15e7f1), * 15.4.1854,
† Okt. 1936.*

Foto: PROF. DR. C.G.S. DE VILLIERS.



*Anna Magdalena Vermaas (tant Annie Losberg),
* 12.8.1865, † 17.6.1919, tweede eggenote van
Gerhardus Paulus Swart (b3c3d15e7f1), * 15.4.1854,
† Okt. 1936.*

Foto: PROF. DR. C.G.S. DE VILLIERS.

b3c3d15e6f15

- g3 *Johannes Urbanus* (Banie), * 29.5.1906, x 25.6.1935 Dorothea Johanna DE WET, * 28.4.1913. Die egpaar woon op Bredasdorp.
- h1 *Pieter Gerhardus Matthys* (Patrick), * 6.7.1936, x 28.12.1957 Sura WESSELS, ÷ 1965, xx 17.2.1967 Pamela Anne DE BRAID, * 28.8.1932, ÷. Sura Wessels xx N.N. Tweede huwelik van Patrick was kinderloos. Patrick het die plaas “Prinskraal” van sy oupa Pieter (f15) geërf, maar is “uit die plaas uit”.
- i1 *Johannes Urbanus*, * 23.3.1959.
- h2 Elisabeth Christina, * 26.8.1943, x 22.1.1966 Kowie BURGER.
- f16 *Matthys Johannes de Villiers*, * “Elandsrif” 10.3.1881, ongetroud † Bredasdorp 20.7.1936,¹⁵
- e7 *Nicolaas Barend*, * 6.10.1832, † “Landdrosmoeite”, Winburg, 10.2.1864,¹⁶ x Riversdal 4.4.1853, Sara Johanna SWART, * 11.9.1836, † 24.7.1861, uit die geslag van Pieter (b3c3d11), xx Winburg 14.4.1862 Gertruida Johanna SWART (b3c3d14e2f3), * 13.2.1843, † “Landdrosmoeite”, Winburg, 21.1.1864.¹⁷ Uit die tweede huwelik is ’n seuntjie gebore wat ’n paar maande oud geword het.
- f1 *Gerhardus Paulus*, * 15.4.1854, ~ Riversdal, † Okt. 1936, x Winburg 19.6.1877 Dina Maria UYS, * 7.7.1857, † “Uitsoek”, Kroonstad, 18/28.4.1888.¹⁸ xx Anna Magdalena VERMAAS, * 17.8.1865, † 17.6.1919. Gerhardus was bekend as oom Gert Rooikraal. Daar was ook ’n derde huwelik.
- g1 Alida Maria, * Heilbron 26.1.1879, x 26.1.1904 Johan Andries (Lang Dries) DANNHAUSER (b5c7d3), * 16.9.1876, † 20.5.1957, s.v. Johan Andries Dannhauser en Hester Catharina Oosthuizen.¹⁹
- g2 *Nikolaas Barend* (moeder: Uys), * 12.6.1882, † 13.2.1921, x Maria ADENDORFF, * 7.2.1888.
- h1 *Gerhardus Paulus*, * 6.8.1907, x 26.1.1935 Machteld Cecilia Frederika COETSEE, * 23.2.1906. Die egpaar het op Mbabane, Swaziland, gewoon.
- i1 *Nicolaas Barend*, * 1.7.1936, x Stellenbosch 13.5.1961 Elma MARAIS. Die egpaar het in Pretoria gaan woon.
- j1 *Gerhardus Paulus*, * 14.10.1961.
- j2 *Tielman Johannes*, * 31.12.1962.
- i2 Maria Catharina, * 21.7.1937.
- i3 *Johannes Gerhardus*, * 3.11.1942.
- i4 *Gerhardus Paulus*, * 23.11.1946.
- h2 Johanna Christhina Maria Catharina, * 24.5.1909, x Johannes Jacobus Hercules SMITH. Die egpaar het te Louis Bothalaan 194c, Johannesburg, gewoon.
- h3 Dina Maria, * 11.2.1911, x D. SMITH. Die egpaar woon in Engeland.

15. Kyk bylae C: C.G.S. de Villiers: ‘Ek kuier by Ouma Swart’, (*Die Huisgenoot*, 23.4.1948, pp. 23, 68, 69). [Red.]

16. WH/O (Bloemfontein), boedel nr. S 96.

17. WH/O (Bloemfontein), boedel nr. S 96.

18. WH/T (Pretoria), boedel nr. 4450.

19. D.F. du T. Malherbe: *Stamregister van die Suid-Afrikaanse Volk*, 1966, p. 201.




*Kinders van Gerhardus Paulus Swart (b3c3d15e7f1): Sara Johanna (g3); Nikolaas Barend (g2), * 12.6.1882, † 13.2.1921; Alida Maria (g1), * 26.1.1879; Dina Maria (g4). Heelvoor sit Barend Johannes (g5).*

Foto: PROF. DR. C.G.S. DE VILLIERS.



*Alida Maria Swart (b3c3d15e7f1g1), * 26.1.1879 en haar eggenoot Johan Andries (Lang Dries) Dannhauser (b5c7d3), * 16.9.1876, † 20.5.1957.*

Foto: PROF. DR. C.G.S. DE VILLIERS.



*Nicolaas Barend Swart (b3c3d15e7f1g2h1i1), * 1.7.1936 en sy bruid, Elma Marais.*

Foto: PROF. DR. C.G.S. DE VILLIERS.

b3c3d15e7f1g2

- h4 Maria, * 6.5.1917, x A. BOSHOFF.
- h5 Esperanze Marinico, * 30.4.1919, x M. SMITH.
- g3 Sara Johanna, x Philippus FICK. Die egpaar het op die familieplaas “Rooikraal”, Potchefstroom, gewoon.
- g4 Dina Maria, x Christiaan VAN SCHALKWYK. Die egpaar het te Danie Theronstraat 107, Wonderboom, Pretoria, gewoon.
- g5 *Barend Johannes* (moeder: Vermaas), * 27.6.1895, ~ Potchefstroom, x 18.10.1918 Magdalena Stoffelina GROBLER, * 3.5.1896. Die egpaar het op die plaas “Losberg”, Pk. Witvlei, distrik Windhoek, gewoon.
- h1 Anna Vermaas, * 22.6.1924, x Hendrik Willem Christoffel ANTHONISSEN.
- h2 *Ben Grobler*, * 16.8.1928.
- h3 Julia Susanna, * 3.6.1931.
- g6 Martha Maria Susanna, * 12.5.1900, † gedurende die Tweede Vryheidsoorlog 17.12.1900.
- f2 *Jacobus Nicolaas*, * 22.11.1858, † “Louisa”, Waschbank, Natal, 28.9.1932, Ω Waschbank, x Johanna Sophia Catharina DE JAGER, † “Wildealskraal”, Vrede, 1902, Ω “Wildealskraal”.
- g1 *Nicolaas Barend*, * 20.3.1883, x 22.6.1920 Louisa Petronella VAN NIEKERK (b2c7d4e14f2g3), * 5.7.1893, d.v. Johannes Wilhelmus van Niekerk en Louisa Petronella Landman. Die egpaar het op Waschbank, Natal, gewoon.
- h1 *Jacobus Nicolaas*, * 10.3.1921, x 14.12.1944 Martha Maria SLABBERT, * 7.1.1926.
- i1 Johanna Christina, * 31.1.1946.
- i2 Louisa Petronella, * 11.1.1948.
- i3 Martha Maria, * 27.8.1950.
- i4 *Nicolaas Barend*, * 31.10.1951.
- h2 Louisa Petronella, * 15.1.1924, x 7.10.1941 Johannes Casper LABUSCHAGNE, * 30.7.1917.
- h3 Johanna Sophia Catharina, * 27.10.1927, x 1.10.1949 Willem Jacobus BECKER, * 28.1.1922.
- g2 Susanna Margaretha, † as kind in die Standertonse konsentrasiekamp.
- g3 *Jacobus Hercules*, † as kind in die Standertonse konsentrasiekamp.
- g4 *Jacobus Nicolaas*, † as kind in die Standertonse konsentrasiekamp.
- f3 *Nicolaas Barend* (moeder: G.J. Swart), * 2.1.1864, ~ Winburg, † 13.5.1864.
- c4 Sara Johanna, * 11.9.1728, † 6.8.1770,²⁰ x 26.7.1750 Hendrik GELDENHUYS (b6c3), ~ 12.7.1717, s.v. Barend Geldenhuys en Anna Margaretha Siek. Hendrik se eerste vrou was Cornelia Swart (b2c1), ~ 4.2.1720, † 1750, niggie van Sara (c4). Sara en Hendrik het een seun en vier dogters gehad (b6c3d8-d12).
- c5 Maria Elisabeth, * 7.7.1731, x 27.10.1748 Hermanus PIETERSE (a1b2),

20. K.A.B., MOOC 6/1.

~ 19.9.1717, oudste s.v. stamvader Barend Peters, van Wesel, Duitsland, en Johanna Nel, xx 14.3.1756 Casparus BESTER (b1) oudste s.v. stamvader Andreas Bester, van Magdeburg, Duitsland, en Anna Bock, xxx 12.3.1780 Johannes Gideon DE WEGE (a1b11), ~ 8.11.1750, jongste s.v. stamvader Gideon de Wege en Maria Vermeulen.

Maria Elisabeth (c5) het twee seuns by haar eerste man gehad, Petrus Johannes Pieterse (a1b2c1), ~ 1.11.1750 en Bernardus Jacobus Pieterse (a1b2c2), ~ 1.10.1752. Laasgenoemde se eerste vrou was 'n sekere Elisabeth Maria Swart. Maria Elisabeth (c5) se eerste man, Hermanus Pieterse, se suster, Elisabeth Pieterse (a1b4), was getroud met Jacobus Swart (b2c3). By haar tweede man, Casparus Bester, het sy vier seuns en drie dogters gehad (b1c1-c7). Haar derde man, Johannes Gideon de Wege, is 'n week na haar oudste seun gedoop. Met hulle huwelik in 1780 was die bruidegom ongeveer 30 jaar en die bruid 49 jaar oud. Maria (c5) was voor 1803 reeds oorlede want op 20.11.1803 hertrou die wewenaar J.G. de Wege met Elisabeth Petronella Boshof (b4c2), ~ 17.9.1780. Volgens die Swart-geslagsregister²¹ was Maria (c5) 'n vierde maal getroud en die bruidegom word Bernardus Jacobus Pieterse genoem. Laasgenoemde kan alleen a1b2c2 wees (~ 1.10.1752). Hy was dan 21 jaar jonger as sy bruid, maar wat die hele verhaal belaglik maak, is dat hy ook haar seun was. In elk geval was Bernardus Jacobus Pieterse reeds op 2.5.1775 hertrou met Margaretha Brits voordat sy moeder, Maria (c5), weduwe van Casparus Bester, in 1780 haar *derde* huwelik gesluit het. Uit bostaande sal dit duidelik wees dat sy nie nog 'n vierde huwelik kon sluit as haar derde eggenoot haar oorleef het nie. Eindelik mag geïnteresseerdes gewaarsku word dat die De Weges waarvan Johannes Gideon 'n lid was, glad 'n ander familie is as die Weges wat in vroeër jare op "Good Hope", naby Stanford, gewoon het en besonder intieme vriende van opsteller se ouers was.

- c6 Cornelia, * 30.9.1733, † ca. 1774, x 4.4.1751 Hans Jacob BRITS (b5c2), ~ 21.7.1726, s.v. Cornelis Brits en Maria Magdalena de Peronne, wed. v. Jacob Mostert. Deur sy dogter Cornelia (b5c2d5) skakel Hans Brits aan die Humans en so aan die eggenote van opsteller se grootjie, Gerhardus Paulus (b3c3d15). Cornelia (c6) en Hans het drie seuns en vyf dogters gehad (b5c2d1-d8).
- c7 *Jacobus Johannes*, * 24.3.1736, x 16.4.1759 Lavina Catharina APPEL (b2c7d2), ~ 4.11.1742, d.v. Hans Jurgen Appel en Adriana Smit, xx 30.9.1770 Anna Elisabeth HUMAN (b7), ~ 29.9.1726, d.v. stamvader Johann Humann van Solingen, Duitsland, en Lysbeth Vion.

Jacobus se tweede huwelik was eenaardig, want toe dit voltrek is, was die bruidegom 'n wewenaar van 34 jaar en die bruid 'n jongedogter van 44 jaar oud. Hierdie tweede huwelik was kinderloos. Die nageslag van Jacobus (c7) het 'n merkwaardige verspreiding; sommige van hulle het oor die Bossiesveld, Tulbagh, Clanwilliam, Fraserburg, Carnarvon, Kenhardt en Graaff-Reinet tot in die verre noordelike

21. C.C. de Villiers en C. Pama.

republieke getrek. Die Overbergse Swarts het nooit weer van hulle gehoor nie en ken ook hulle nageslag nie. Sommige nasate van Jacobus (c7) is Swarts van Oudtshoorn en George (vroeër een gemeente). Die naam Jacobus Johannes kom gedurig voor en maak die onderstaande geslagsregister hoogs tentatief. Die oudste kerkregisters is sorgvuldig geraadpleeg, maar niemand sou wil beweer dat “in die ou tyd” elke dopeling se naam in die kerkboeke verskyn het nie. Ook die paar vroeë sterfkennisse wat bestaan, is dikwels pure fantasie van die opsteller daarvan.

- d1 Adriana (Johanna), ~ 14.9.1760, † 23.6.1826, x Pieter Johannes VAN WYNGAARDEN (a1b2), ~ ca. 1733, s.v. stamvader Pieter Jansz van Wyngaarden van Rotterdam en Christina Human. Pieter Johannes xx Johanna Maria Human, wed. v. Hans Jurie Linde. Die bruidegom was 27 jaar ouer as sy eerste vrou en 39 jaar ouer as sy tweede vrou. Pieter en Adriana (d1) het vier seuns en drie dogters gehad (a1b2c1-c7).
- d2 *Petrus*,²² ~ 22.8.1762, x 20.4.1788 Maria LE ROUX (a2b4c1d3), ~ 1.10.1768, d.v. Jacobus Petrus le Roux en Martha Magdalena du Plessis. Die Swart-geslagsregister²³ noem net twee kinders uit dié huwelik, maar daar was minstens drie meer. Petrus het ongetwyfeld in of op Graaff-Reinet gewoon of nader aan dié dorp as aan die ander ouer dorpe (bv. Swellendam), want sommige van sy kinders is op Graaff-Reinet gedoop. Hy moes langs Clanwilliam oor 'n westelike roete Graaff-Reinet bereik het.
- e1 *Jacobus François*, ~ Tulbagh 12.4.1789, geen sterfkennis kon gevind word nie, blykbaar as kind †.
- e2 *Pieter Johannes*, * Tulbagh, ~ Tulbagh 25.3.1792, x Graaff-Reinet 24.3.1817 Anna Margaretha NORTIER (a3b5c8d3e1), ~ 24.10.1797, d.v. Petrus Nortier en Cornelia Claasen (a3b1c3), ~ 10.11.1754, wed. v. Johannes Augustus Kleingeld. Dit beteken dat die egpaar eers op dié datum getroud is en toe sommer hulle drie oudste kinders laat doop het. Waar hulle voor 1817 rondgeswerf het, kon nie vasgestel word nie.
- f1 Maria Magdalena, * 23.4.1814, ~ Graaff-Reinet 24.3.1817.
- f2 Anna Elisabeth, * 14.10.1815, ~ Graaff-Reinet 24.3.1817.
- f3 *Petrus Johannes*, * 20.8.1816, ~ Graaff-Reinet 24.3.1817. Dit is moontlik, maar om geografiese redes nie waarskynlik nie, dat Petrus die onmiddellike voorvader van die Swarts van Pietersburg en die Barkhuizens van Uniondale was.²⁴
- f4 *Jacobus Johannes*, * 17.5.1818, ~ Graaff-Reinet 18.6.1818.
- f5 Cornelia Catharina, * 31.5.1824, ~ Graaff-Reinet 24.7.1824.
- e3 *Johannes Jacobus*, * 12.1.1806, ~ Kaapstad 6.12.1807.
- e4 *Johannes*, * ca. 1811, † “Sleutelsdam”, Kimberley, 20.6.1875,²⁵ x Graaff-

22. Hy het homself blykbaar Pieter genoem.

23. C.C. de Villiers en C. Pama.

24. Vgl. b3c9d5e9.

25. WH/K (Kaapstad), sterfkennis nr. 294 (Kimberley).

b3c7d2e4

- Reinet 6.12.1829 Johanna (Anna) Martha Susanna VAN WYNGAARD, d.v. Johannes Jurie van Wyngaard (a2b2c4), ~ 21.1.1787.
- f1 Catharina Francina Jacoba, * 30.8.1830, ~ Graaff-Reinet 5.3.1831. Sy word nie in haar vader se sterfkennis genoem nie.
- f2 *Petrus Johannes Jurie*, * 9.9.1835, ~ Graaff-Reinet 8.2.1836, † “Uitvlucht”, Graaff-Reinet, 1871,²⁶ x Jacomina Susanna Catharina SCHOLTZ, * ca. 1838, † “Skaapkraal”, Hopetown, 26.4.1871,²⁷ d.v. Joachim Hermanus Scholtz (a2b2c7d1e2), ~ 23.4.1809.
- g1 Elisabeth Jacomina.
- g2 *Johannes Erasmus*.
- g3 *Joachim Hermanus*, verskyn in sy moeder se sterfkennis as Hermanus Joachim.
- g4 Johanna Martha Susanna.
- g5 Jacomina Susanna Catharina, † voor 1871.
- f2 *Johannes Jurie*, * 15.12.1844, ~ Richmond, KP.
- f3 Adriana Johanna Magdalena, * 11.8.1845, ~ Richmond, KP.
- f4 *Jan Andries*, x Anna Margaretha Gezina NIEMAND, * Swellendam ca. 1852, † “Fraaiplaats”, distrik Hay, 10.10.1893.²⁸
- g1 Anna Margaretha, in 1893 nog onmondig.
- g2 Johanna Martha Susanna.
- g3 *Johannes Megilis (Michiel) Gerhardus*, * 20.12.1874, ~ Hopetown, x Maria Magdalena RHEEDER.
- h1 *Johannes Andries*, * “Vlakovlei”, Winburg, 1896, † Brandfortse konsentrasiekamp 15.9.1901.²⁹
- g4 *Petrus Marthinus*.
- g5 Cornelia Gertruida Petronella.
- g6 *Johannes Jurgen*.
- g7 Maria Magdalena.
- g8 Elisabetha Louisa.
- f5 Francina Lovina.
- f6 *Johannes Jacobus*, * 24.4.1854, ~ Hopetown.
- f7 Catharina Jacoba Francina, * na 1864.
- f8 Johanna Martha Susanna.
- f9 *Petrus Johannes*.
- f10 Maria Magdalena.
- e5 Catharina Francina, x D.E. VAN DER BERG. Die egpaar doop op Hopetown.
- d3 Sara Johanna, ~ 2.12.1764, x 30.9.1787 Abraham MATTHEE (b3), ~ 25.8.1754, s.v. stamvader Abraham Matthé van Tramelan, Switserland, aankoms 1743,

26. WH/K (Kaapstad), sterfkennis nr. 6970/71.

27. WH/K (Kaapstad), sterfkennis nr. 7061/71.

28. WH/K (Kaapstad), sterfkennis nr. 5357 (Kimberley).

29. WH/O (Bloemfontein), boedel nr. 1972.

† Stellenbosch 23.11.1768, Ω op die plaas van Paulus Hartogh en Johanna Matthysen. Daar is vyf kinders, twee seuns en drie dogters, uit die huwelik tussen Abraham (b3) en Sara (d3) gebore, van wie drie weer met Swarts getroud is. Hulle verspreiding is vandag hoofsaaklik die suidwestelike distrikte tot by Humansdorp.

- d4 *Jacobus Johannes*, ~ 18.1.1767, x 13.2.1791 Anna Margaretha KUUN (a1b6c7), ~ 5.8.1770, d.v. Stephanus Kuun en Anna Margaretha Geldenhuys.

Hierdie Kuuns van wie drie vroue, Anna Margaretha, Susanna Magdalena (a1b6c4d1) en haar suster Susanna Petronella Margaretha, met die ouer Swarts getroud was, is afkomstig uit Magdeburg, Duitsland. Die stamvader was nie Kühn nie, maar Hans Gune (volgens sy eie handtekening) of Kuhne. Die nageslag van Johannes (d4) is uiters onvolledig opgestel. So gee die Swart-geslagsregister³⁰ maar vier kinders aan, terwyl daar ongetwyfeld meer was. Vergelyk die gaping tussen e4 en e5. Laasgenoemde se sterfkennis laat ons geen twyfel aangaande sy afkoms nie. Dit is waarskynlik dat Petrus (d4e5) nie eens die jongste kind was nie. Philippus Lodewicus (b3c7d4e4f1g11), 'n kleinseun van Johannes Jacobus (e4), het net sy grootoom Petrus Arnoldus (e5) onthou.

- e1 *Jacobus Johannes*, ~ Tulbagh 12.4.1794, † “Dasfontein”, Nuweveld, dist. Beaufort, 23.6.1854,³¹ x Tulbagh 2.3.1817 Martha Magdalena CILLIERS (b7c6d4), ~ 10.1.1796, d.v. Josua Pieter Cilliers en Martha van den Berg.
- f1 Martha Magdalena Beatrix, ~ 5.7.1818.
- f2 *Johannes Petrus*, * 26.12.1819, † voor 1854.
- f3 *Pieter Jozua*, * 13.6.1822, † in die inrigting vir kranksinniges, Pretoria, ca. Feb. 1910,³² x Maria Magdalena Aletta ROSSOUW, † voor 26.5.1894, d.v. Daniël Johannes Rousseau en Maria Magdalena N.N. Met sy afsterwe was Pieter (f3) 87 jaar en 8 maande oud. Die egpaar het hulle vaste verblyf in of op Ladybrand, OVS, gehad. Dit is nie bekend hoeveel kinders daar was nie; so word bv. Pieter se vader nie verdoop nie.
- g1 *Daniël Johannes*, x N.N. Sy dogter, G.S. Swart, teken Pieter Jozua (f3) se sterfkennis. Dit is egter moontlik dat die G.S. Swart 'n dogter was van 'n ouer broer van Daniël (g1) wat voor Pieter Jozua (f3) oorlede is.
- g2 Maria Magdalena, x GERMISHUYS.
- g3 Martha Magdalena, x ROUX.
- g4 Hester Johanna, x VAN WYK.
- g5 Rachel Magdalena, x COLYN.
- g6 *Pieter Josua*, * 14.11.1856, † voor 1910.
- g7 Johanna Clasina, * Beaufort-Wes ca. 1868, † “Goewerneurskop”, Ladybrand, 15.8.1889,³³ x Pieter Adriaan GOUS.

30. C.C. de Villiers en C. Pama.

31. WH/K (Kaapstad), sterfkennis nr. 2644/54.

32. WH/T (Pretoria), boedel nr. 15357.

33. WH/O (Bloemfontein), boedel nr. S 865.

b3c7d4e1

- f4 *Jacobus Johannes*, * 25.12.1824, † “Bloupoort”, Carnarvon, 30.12.1892,³⁴
x Beaufort-Wes 5.4.1847 Maria Magdalena ROSSOUW, * na 1827, d.v. Ga-
briël Johannes Rousseau. *Jacobus* (f4) word beskryf as “karwyer” waarmee
moontlik togryer bedoel is.
- g1 *Jacobus Johannes Petrus*, * dist. Fraserburg ca. 1848, † Ficksburg, OVS,
26.2.1889,³⁵ x Johanna Catharina BOTES.
- h1 Johanna Catharina.
- h2 *Jacobus Johannes*.
- h3 Maria Magdalena.
- h4 *Jan Daniël*.
- h5 *Andries Stephanus*.
- h6 Martha Maria.
- h7 *Hendrik Petrus*.
- g2 *Johannes Jacobus*.
- g3 *Gabriël Johannes*, * 15.10.1868, x Hester Margaretha THERON, * 4.7.1867,
xx Gesiena Jacoba Petronella ROSSOUW, * 28.4.1878, † 25.7.1920. Volgorde
van kinders nie bekend nie.
- h1 *Jacobus Johannes*, * 22.10.1891, x 23.4.1921 Catharina Elisabeth AUGUSTYN,
* 18.11.1890. Die egpaar het op “Verjaagsfontein”, Fraserburg, gewoon.
Jacobus (h1) is ’n baie belangrike skakel met die onbekende nageslag van
b3c7.
- i1 Gertruida Margaretha, * 30.1.1922, x 3.9.1951 J.J. SMAL. Die egpaar woon te
Napiersstraat, Worcester.
- i2 Hester Margaretha, * 2.10.1925.
- i3 *Jan Heinrich*, * 9.10.1929.
- i4 *Jacobus Johannes*, * 16.4.1933.
- h2 *Gabriël Johannes*, woon op Williston.
- h3 Hester Margaretha, x LATSKY.
- h4 Gesiena Jacoba Petronella, * 19.10.1900, † 22.10.1922, x 1919 Albertus MANS,
† voor 1953.
- h5 Maria Magdalena, * 2.10.1901, x 1923 Jan VIVIERS, † voor 1953.
- h6 Anna Margaretha, * 13.8.1903, x 1923 Hendrik ESTERHUYZEN. Die egpaar
woon te Van Schalkwykstraat, Fraserburg.
- h7 *Johannes Jacobus Petrus*, * 2.9.1905, jonk †.
- h8 Johanna Catharina, * 21.8.1906, x 1930 Gabriël MALAN, haar neef.
- h9 *Gabriël Johannes*, * 10.8.1908, x 22.10.1933 Sophia JACOBS.
- h10 Martha Magdalena, * 7.9.1910, † 23.2.1942, x 1935 Hendrik OLIVIER.
- h11 Jacoba Elisabeth, * 7.3.1912, x 15.3.1938 Johannes CARR. Die egpaar woon te
Cawoodstraat 97, Noord-Einde, Port Elizabeth.

34. WH/K (Kaapstad), sterfkennis nr. 2352/92.

35. WH/O (Bloemfontein), boedel nr. S 851.

b3c7d4e1f4g3

- h12 *Daniël Rossouw*, * 24.12.1915, x 10.8.1937 Nellie N.N. Die egpaar woon te Van Schalkwykstraat, Fraserburg.
- g4 Johanna Clasina.
- g5 Maria Magdalena.
- g6 Jacoba Aletta.
- g7 Anna Elisabeth.
- g8 Anna Margaretha.
- g9 Hester Maria.
- g10 Susanna Magdalena.
- g11 Janetta Regina.
- f5 Anna Margaretha, * 5.5.1827, x Beaufort-Wes 7.6.1847 Jacobus Petrus ROSSOUW, * voor 1826.
- f6 Johanna Klasina.
- f7 *Willem Daniël*, * Clanwilliam ca. 1833,³⁶ † “Afgunst”, Carnarvon, 19.3.1901,³⁷ x Beaufort-Wes 31.5.1852 Regina Frederika Margaretha BEUKES, * “Rietvlei”, dist. Beaufort, ca. 1835, † “Melkbosdam”, Carnarvon, 6.12.1886,³⁸ d.v. Gideon Beukes en Margaretha Strauss, xx Carnarvon 1.2.1892 Elisabeth Maria Johanna VAN WYK.
- g1 Maria Margaretha Janetta, * 5.10.1853, x H. CARSTENS.
- g2 *Jacobus Johannes*, * Okt. 1855, † “Syferwater”, Carnarvon, 11.3.1875,³⁹ x Martha Magdalena MALAN. Huwelik kinderloos.
- g3 Martha Magdalena, * 24.12.1856, x H.A. BEUKES.
- g4 *Gideon*, * 30.4.1857.
- g5 Regina Frederika Margaretha, * 6.7.1859, x A.J. SMIT.
- g6 *Willem Daniël*, * 15.12.1862, x Carnarvon 4.5.1885 Lovina (Lawina) Clasina KOCK (KOCH).
- h1 *Willem Daniël*, * 1.5.1886.
- h2 *Lodewyk Nicolaas*, * 16.2.1888.
- h3 Hester Catharina, * 21.2.1890.
- h4 *Jacobus Johannes*, * 20.11.1893.
- g7 Jeanetta Jacoba, * 17.12.1863, x Jacobus SWART.
- g8 Johanna Aletta, * 8.6.1866, † tussen 1886 en 1901.
- g9 Hendrika Albertina, * 25.5.1868, x Philip DE BRUYN.
- g10 Catharina Alida, * 21.4.1871, x Georg S. THERON.
- g11 *Johannes Petrus*, * 19.1.1873, x Carnarvon 29.8.1892 Anna Sophia VISSER (FISCHER).
- h1 Jacomina Johanna, * 2.10.1893.
- h2 *Willem Daniël*, * 12.10.1894.

36. In 1852 was Willem nog minderjarig.

37. WH/K (Kaapstad), sterfkennis nr. 1683/1900.

38. WH/K (Kaapstad), sterfkennis nr. 1959/86.

39. WH/K (Kaapstad), sterfkennis nr. 1529/75.

b3c7d4e1f7g11

- h3 Regina Frederika Margaretha, * 21.10.1895.
f8 Hester Maria, * 5.12.1833, x Beaufort-Wes 31.5.1852 Petrus Casparus MALAN,⁴⁰ veeboer van “Brandfontein”, Nuweveld.
f9 *Johannes Hendrik*, * 3.7.1837, x Catharina Helena GROENEWALD.
g1 *Petrus Albertus*, * ca. 1867, sneuvel by Modderrivier 18.2.1900.⁴¹
e2 *Stephanus Andries*, * Lady Grey [Macgregor],⁴² 31.8.1796, ~ Tulbagh 23.10.1796, † Robertson, KP, 20.4.1872,⁴³ x Caledon 17.6.1821 Susanna Magdalena KUUN (b6c4d1), ~ 1.10.1797, sy niggie, d.v. Stephanus Kuun en Johanna Catharina Niemand, xx Bredasdorp 6.12.1847 Christina Francina VAN DALEN, * ca. 1826, † Robertson 21.5.1910,⁴⁴ d.v. Franciscus van Dalen en Frederica Nigrini (b7). Christina xx Abraham Petrus Marais (b2c7d3e1f5), ~ 13.11.1814, † 10.5.1902.

Stephanus (e2) is vernoem na sy oupa Kuun (b6). Met sy oorlyde word sy ouderdom as 70 jaar aangegee. Daar is geen bewys dat 'n ander Stephanus Andries, kind van dieselfde ouerpaar, in 1802 gebore is nie. Stephanus se tweede vrou het bepaald na sy ouderdom geskat. Sy kon nie skryf nie en gee ook haar skoonmoeder foutief aan as Anna Magdalena Kuun — so 'n Kuun het nooit eens bestaan nie. Stephanus se eerste vrou was 'n suster van Susanna Petronella Margaretha Kuun wat met Pieter Carel Gerhardus Swart (b3c3d5e2) getroud was. Stephanus (e3) was die onmiddellike voorvader van die Robertson-Swarts. Daar was blykbaar geen ondertrouing nie met die Swarts van Oudtshoorn en George wat baie na verwant is aan Stephanus se nageslag.

- f1 *Johannes Jacobus*, * 20.4.1822, ~ Caledon,⁴⁵ † “Bethesda”, Graaff-Reinet, 3.10.1894, x Maria Elisabeth Catharina SWART (b3c3d4e2f1), * 24.9.1820, † 29.9.1896,⁴⁶ d.v. Pieter Carel Gerhardus Swart en Susanna Petronella Margaretha Kuun. Van moederskant was Johannes en Maria neef en niggie en van vaderskant kleinneef en -niggie.
g1 Maria Elisabeth Catharina, * 21.10.1853, x Andries HORN.
g2 Hansje Jacoba Wilhelmina, * 3.8.1856, x Michiel HORN.
g3 *Stephanus Andries Johannes*, * 31.3.1859, x Susara Susanna Elisabeth VAN TONDER, * dist. Ladismith, KP, ca. 1865, † Laingsburg 20.10.1905,⁴⁷ d.v. Andries van Tonder en Maria Gertruida Susanna Helena van Tonder.
h1 Maria Gertruida Susanna.
h2 Maria Catharina Elisabeth.
h3 *Andries*.

40. Hy was in 1852 meerderjarig.

41. WH/O (Bloemfontein), boedel nr. 1737.

42. P.J. Nienaber: *Pleknaamwoordeboek*, p. 285.

43. WH/K (Kaapstad), sterfkennis nr. 9964/73.

44. WH/K (Kaapstad), sterfkennis nr. 3195/10.

45. Doopinskrywing foutief. Moeder aangegee as Johanna Magdalena Kuun. Die fout is nooit deur 'n kerkraadsbesluit verbeter nie.

46. WH/K (Kaapstad), sterfkennis nr. 2523/96.

47. WH/K (Kaapstad), sterfkennis nr. 3618/05.



*Stephanus Andries Johannes Swart (b3c7d4e2f1g3h4), * 21.7.1888, † 6.5.1927 en sy egegenote Anna Catharina Van Vuuren, wed. Eksteen, * ca. 1857, † 6.5.1927, op hulle troudag 1.12.1921.*

Foto: POLISIE ARGIEF, PRETORIA.

b3c7d4e2f1g3

- h4 *Stephanus Andries Johannes*, * 21.7.1888, ~ Ladismith, KP, 24.12.1890, † Charlestown 6.5.1927, x Volksrust 1.12.1921 Anna Catharina VAN VUUREN, wed. EKSTEEN, * Kliprivier, Pretoria, ca. 1857, † Charlestown 6.5.1927.

Stephanus was die berugte Stephen Swart wat op 6 Mei 1927 nege mense doodgeskiet het voordat hy selfmoord gepleeg het. Hy het reeds verskeie kriminele oortredings op sy kerfstok gehad toe hy as drie-en-dertigjarige man op 1 Desember 1921 met 'n vier-en-sestigjarige weduwee getroud is. Hierna het hy op haar plaas, "Potter's Hill", naby Charlestown, geboer en hom skynbaar grootliks gerehabiliteer. Die vonnis van 18 maande tronkstraf wat hom opgelê is na aanranding op sy stiefskoonseun het sy gevoel versterk dat hy onregverdig behandel word deur die gereg. Uiteindelik sê hy in sy laaste testament: "Publiek, sien julle nou duidelik na my eige ondervinding in die hof bestaan daar geen justice nie?" Vroeg in 1927 word 'n klag van 'n ernstige geslagsmisdad teen hom aanhangig gemaak en hy verwag dat hy 'n vonnis van lewenslange tronkstraf opgelê sal word. Hy verneem dat die polisie hom gevange wil neem nadat hy na iemand geskiet het en waarsku die polisie by monde van sy prokureur dat hy hom nie in hegtenis sal laat neem nie. Die volgende oggend skiet hy vyf polisiemanne dood toe hulle hom probeer gevange neem. Hierna jaag hy met sy vinnige perd weg en op pad na sy vrou op Charlestown skiet hy sy stiefdogter en 'n plaasbestuurder, sowel as 'n Bantoe langs die pad. Op Charlestown skiet hy sy vrou en toe 'n groep agtervolgers hom inhaal, skiet hy homself. Die saak het indertyd groot opspraak verwek en sterk gevoelens van afkeur gaande gemaak.⁴⁸

- h5 *Matthys Cornelius*, * 8.10.1890, ~ Ladismith, KP, 24.12.1890.

h6 *Joseph Michiel*.

h7 *Anthonie*.

h8 Susanna Petronella Margaretha.

g4 Susara Margaretha Magdalena, x Michiel HAMILTON.

g5 Magdalena Hendrina Hermina, x Edward HAYWARD.

g6 *Pieter Charl Gerhardus*.

f3 Johanna Lovina Catharina, * 2.1.1824, ~ Swellendam.

f3 Anna Margaretha, * 14.9.1825, ~ Swellendam.

f4 Susanna Catharina Magdalena, * 23.1.1831, ~ Caledon, x Oudtshoorn 8.3.1858 Salomon Jacobus Lodewicus POTGIETER. Volgens die huweliksregister moes die bruid asook die bruidegom ongeveer 1834 gebore wees.

- f5 *Stephanus Andries*, * dist. Bredasdorp 27.11.1833, ~ Caledon, † Truterstraat, Robertson, 11.12.1913,⁴⁹ x 26.10.1855 Magdalena Johanna ROSENKRANS, * dist. Worcester, † Robertson 6.12.1900,⁵⁰ d.v. Antonie Rosenkrans en Magdalena Johanna Goussard, xx Anna Susanna DE WET, * Robertson ca.

48. Gegewens in verband met Stephen Swart is ontleen aan B. Bennett: *Die bewyse was dodelik* en G. Niewoudt: 'Nege mense het hy voor ontbyt vermoor', *Die Huisgenoot*, 20.1.1967 [Red.]

49. WH/K (Kaapstad), sterfkennis nr. 3149/13.

50. WH/K (Kaapstad), sterfkennis nr. 449/00.

- 1853, † Macgregor 12.2.1923, Ω Macgregor. Stephanus en sy eerste vrou Magdalena Ω Robertson.
- g1 Magdalena Johanna (moeder: Rosenkrans), * 10.11.1867, † Robertson 26.7.1953, x 18.12.1888 Frederik Jacobus VAN ZYL, * 7.7.1861, † Robertson 3.5.1947. Behalwe die kinders in onderstaande lys genoem, is twee dogtertjies as suiglinge oorlede.
- [h1] Magdalena Johanna VAN ZYL, x W.J. OLIVIER.
- [h2] Susanna VAN ZYL, ongetroud.
- [h3] Ella Sophia VAN ZYL, ongetroud.
- [h4] Catharina Margaretha VAN ZYL, x J. KANNEMEYER.
- [h5] Lydia VAN ZYL, x G.J. LE ROUX.
- [h6] *Stephanus Andries VAN ZYL*, x Margaretha BURGER.
- [h7] *Jacobus Albertus VAN ZYL*, x Helena KUUN.
- [h8] Aletta VAN ZYL, † op 9-jarige leeftyd.
- [h9] Esther Jacoba VAN ZYL, x Albertus LOUBSER.
- [h10] Sylvia VAN ZYL, x P. BARNARD, verongeluk 1958. Die weduwee het op Stellenbosch gewoon.
- f6 *Johannes Simon Jacobus*, * 23.1.1837, ~ Caledon, as kind †, word nie in sy vader se sterfkennis genoem nie.
- f7 *François* (moeder: Van Dalen), * 29.7.1849, x 22.12.1879 Jacoba Elisabetta SWART, * 1856.
- g1 Anna Johanna, * 28.1.1881.
- g2 *Stephanus Andries*, * 1.12.1883.
- g3 Christina Francina Jacoba, * 2.1.1886.
- g4 *François Jacobus*, * 17.4.1890.
- g5 *Jacobus François*, * 3.10.1891.
- f8 *Jacobus Johannes*, * 3.7.1851, jonk †. Nie genoem in een van sy ouers se sterfkennisse nie.
- f9 *Gerhardus Jacobus*, * 10.7.1853, † 1925, x 26.12.1876 Anna Margaretha BARRY, * 1851, † 1921.
- g1 *Stephanus Andries*, * 19.11.1877, x Johanna Christina DIEDERIKS.
- h1 Johanna Christina.
- g2 *Thomas Wouter Christoffel*, * 22.4.1879, x N.N.
- h1 *Gerhardus Jacobus*.
- h2 'n Dogter.
- g3 *Gerhardus Jacobus*, * 14.9.1880, x Letitia BUTLER, Ω Robertson 27.4.1963.
- h1 *Gerhardus Jacobus*, x V. SCHIMPER.
- h2 *John Haynes*, x T. VAN EYSEN.
- h3 Adelaide, x Tony JONES.
- h4 *Andrew George Henry*, x J. GELDENHUYS.
- h5 *Carl Wilhelm*.

b3c7d4e2f9

- g4 Anna Juliana, * 14.4.1882, jonk †.
- g5 Christina Francina, * 7.8.1884, x Johannes Bernardus NIGRINI (b3c1d1e1), *1886, † 1951. Die egpaar het vyf seuns en een dogter gehad.⁵¹
- g6 *John Christoffel*, * 5.5.1886, x Martha MARAIS.
- h1 *Gerhardus Jacobus*.
- h2 Alida.
- g7 *François*, * 10.2.1888.
- g8 Alida Margaretha, * 15.6.1890, x Ernst John RAATS.
- g9 Frederika Susanna, * 25.2.1892, x Franciskus PALM.
- g10 *Carel Wilhelm Pieter*, * 13.10.1893, † 28.3.1956, x 24.4.1923 Fanny Elizabeth DROTSKÉ. * 1900. Carel (g10) was L.P.R. vir Worcester vanaf 1949 tot sy dood. Voorheen was hy ook burgemeester van Petrus Steyn, OVS, en daarna van Robertson, KP. Hy was prokureur op Robertson en het daar in Truterstraat gewoon. Verder was hy voorsitter van die plaaslike Padveiligheidsvereniging, lid van die skoolraad en afdelingsraadslid van die Hospitaalraad. Carel (g10) het sy skoolopleiding op Macgregor geniet en hom aan die Universiteit Kaapstad bekwaam.⁵²
- h1 Elizabeth Lieby, * 8.5.1924, x Samuel Hume BENEKE.
- h2 Stephanie, * 26.11.1926, x Petrus MEYER.
- h3 Carlin Wemyss Petro, * 27.11.1927, † Stellenbosch 7.9.1974, x Julie 1953 P. STRUWIG van Bellville, ÷, xx VOSLOO.
- h4 Leonie, * 5.12.1937, x Stellenbosch 9.7.1960 Bryan RÖRICH.
- g11 *Lodewicus Johannes*, * 5.12.1895, x DROTSKÉ.
- h1 *Ludwig*.
- g12 *Frederik Josef*, * 2.7.1898, x Magdalena MARAIS.
- h1 *Gerhardus Jacobus*.
- h2 *Frederik Josef*.
- h3 Petronella.
- f10 *Lukas Johannes*, * 1.4.1856, † voor 1910, x Maria Petronella JORDAAN.
- g1 Christina Francina Jacoba, * 11.11.1883.
- g2 *Stephanus Andries*, * 26.7.1886.
- g3 *David Gideon*, * 27.3.1888.
- g4 Maria Petronella, * 9.11.1890.
- f11 Frederika Agata Susanna, * 1.11.1858, † voor 1910, x 14.11.1882 Pieter Charl MARAIS, * 1830.
- f12 Christina Francina Jacoba, * 17.7.1861, † voor 1910.
- f13 Petronella Johanna, * 31.5.1864, x 16.2.1886 Abraham Petrus MARAIS, *ca. 1863.

51. D.F. du T. Malherbe: *Stamregister van die Suid-Afrikaanse Volk*, Stellenbosch (1966), p. 726.

52. *South African Who's Who*, 1954, p. 589.

b3c7d4e2

- f14 *Johannes Jacobus*,⁵³ * Robertson 8.4.1868, x Cornelia Hendrika Maria SWART van Kuruman, * Hoopstad, OVS, 3.12.1872, d.v. Johannes Jurgens Swart en Cornelia Hendrika Maria van der Westhuizen. Johannes (f14) was kabinetmaker op Robertson. Later is hy na Sandvliet en oor Kimberley na Kuruman waar hy sy vrou Cornelia ontmoet het. Cornelia se vader Johannes Jurgens Swart was die eienaar van een van die plase waar asbes ontdek en later ontgin is. Haar vader was 'n Dorslandtrekker uit Wes-Transvaal en het saam met kommandant Swart getrek tot by Otjiwarongo, SWA. Later het hy teruggedraai en hom by Daniëlskuil naby Kuruman gevestig. Johannes (f14) en Cornelia het vyftien kinders gehad van wie net die jongste bekend is.
g1-g14Veertien kinders.⁵⁴
- f3 *Petrus Johannes*, * ca. 1869, † “Uilvlei”, Heilbron, 26.1.1897,²² x Maria Elisabeth MYBURG. Die twee kinders, blykbaar ’n tweeling, is na die dood van die vader gebore.
- g1 *Jan Louis*.

17. WH/T (Pretoria), boedel nr. 2257.

18. Jacobus (e7) en sy eggenote moes teruggekeer het na George. Vgl. ook f3.

19. WH/O (Bloemfontein), boedel nr. S 956.

20. WH/O (Bloemfontein), boedel nr. S 842.

21. WH/O (Bloemfontein), boedel nr. 1145.

22. WH/O (Bloemfontein), boedel nr. S 1300.

b3c9d6e8f3

- g2 Anna Christina.
- f4 *Cornelis Johannes.*
- f5 *Jacobus Christoffel.*
- f6 *Johannes Cornelis.*
- f7 Anna Cornelia, x Jan DIEDERIKS.
- e9 Josina Susanna Magdalena Johanna, * 2.9.1823, ~ Caledon. Haar ouers het toe op “Hartebeestrivier” (Tesselaarsdal), Caledon, gewoon.
- e10 *Cornelis Johannes*, * 15.5.1826, ~ Graaff-Reinet 2.10.1826, † in die Vrystaat 17.5.1873,²³ x Maria Magdalena SWANEPOEL.
- f1 *Dirk Cornelis.*
- f2 Anna Cornelia.
- f3 Josina Maria.
- f4 Maria Magdalena.
- f5 Johanna Catharina.
- f6 *Adriaan Johannes.*
- e11 Margaretha Magdalena.²⁴ Moontlik identiek met e1.
- e12 Maria Magdalena.²⁵ Moontlik identiek met e4.
- e13 Sara Johanna, * 13.3.1829, ~ George.
- d7 Sara Johanna, ~ 24.10.1787, x Junie 1812 Dirk Cornelis KLYNSMIT (b2c2), ~ 25.7.1790, s.v. Adriaan Arend Klynsmid en Maria Catharina Uys. Die egpaar het vyf kinders gehad, vier dogters en een seun.²⁶
- d8 Maria Catharina, ~ 18.10.1789.
- d9 *Daniël Andries*, ~ 20.2.1791, † “Wortelkuil”, Waterval, Uitenhage, 19.10.1865,²⁷ x George 5.4.1813 Elsie Catharina JORDAAN (a4b3), ~ Stellenbosch 30.5.1790, d.v. Jacobus Wensel Jordaan en Anna (Johanna) Susanna Minnie (a1b1c1d1), ~ 15.5.1768.

Twee van Anna se susters, Susanna Catharina (d6) en Josina (d7), was met Swarts getroud. Jacobus Wensel Jordaan se vader was onbekend. Hy is op 27.6.1779 op Stellenbosch gedoop en in die doopregister word hy as “Bastard-Hottentot” beskryf. Sy weduwee, Anna Susanna Minnie, hertrou met Petrus Jacobus Christiaan Brits. Na laasgenoemde se naam word ook tevergeefs in die Brits-geslagsregister²⁸ gesoek. Daniël Andries (d9) het by sy afsterwe ’n mondige seun, Petrus Johannes Jacobus nagelaat wat sy sterfkennis onderteken. Ongelukkig is sy sterfkennis op een punt verwarrend: sy moeder se van is onduidelik en lees ongeveer soos “Maria nenekelken” (sic). Daar is later bygevoeg “mother’s name was Kien”.²⁹ Dit lyk ook nie naastenby soos Cordier³⁰ of Kortje nie. Daar bestaan

23. WH/O (Bloemfontein), boedel nr. 5263.

24. Kyk WH/O (Bloemfontein), boedel nr. S 25.

25. Kyk WH/O (Bloemfontein), boedel nr. S 25.

26. C.C. de Villiers en C. Pama.

27. WH/K (Kaapstad), sterfkennis nr. 2448/66.

28. C.C. de Villiers en C. Pama.

29. Word waarskynlik Kuhn bedoel?

30. Sy moeder was in werklikheid Maria Catharina Cordier.

egter geen twyfel nie dat die sterfkennis wel op Daniël Andries (d9) betrekking het, want met sy dood was hy 74 jaar, 1 maand en 19 dae. Hoewel sy sterfkennis nie sy eggenote, Elsie Catharina Jordaan, noem nie, doen sy testament³¹ dit wel.

- e1 *Petrus Johannes Jacobus*, * ca. 1811/12,³² x Graaff-Reinet 5.12.1830 Aletta Catharina VAN DER WESTHUYZEN (b2c1d9e5), * 26.2.1813, d.v. Matthias Jacobus van der Westhuyzen en Sara Susanna Engelbrecht. Die huweliksinskrywing noem el se eggenote Christina Aletta van der Westhuyzen.³³ Na ontleding van die name van die egpaar se kinders kom 'n mens tot die gevolgtrekking dat Aletta se name in Graaff-Reinet òf verkeerd in die boeke opgeskryf òf verkeerd opgegee is. Verder ontstaan die vraag of Elsie Catharina (f1) werklik die egpaar se eerste kind was. Sy is elf jaar na haar ouers se huwelik gebore en heet na haar vadersmoeder. Die nageslag op Pietersburg en Nylstroom onthou geen ouer kind as f1 nie.
- f1 Elsie Catharina (heet na vadersmoeder), * 2.4.1841, x Oudtshoorn 21.11.1858 Johan Coenraad MARNEWECK, * ca. 1840.
- f2 *Daniël*. Sy sterfkennis kon nie opgespoor word nie. Sy nageslag onthou dat hy die oudste seun was, maar sommiges onthou hom as Daniël Johannes. Volgens sy eggenote se sterfkennis het hy Daniël Andries Arnoldus Jacobus geheet. Sy eggenote was volgens sy nageslag Susara Aletta VOLSCHEK, maar dit is foutief. Volgens haar sterfkennis³⁴ het sy Susara Johanna VAN DER NEST geheet en was sy 'n dogter van Gideon Johannes van der Nest en Aletta Francina Meyer. Susara is ca. 1833 in Somerset-Oos gebore en ca. 1883 in Rustenburg oorlede.
- g1 *Petrus Johannes Jacobus*, * 8.8.1858, † Rustenburg 30.4.1924, x Elisabeth Maria VAN ROOYEN, * 2.9.1863, † Rustenburg 9.10.1927.
- h1 *Daniël Andries*, as 17-jarige seun op Derdepoort vermoor.
- h2 Johanna Wilhelmina, x Jacobus Johannes VILJOEN.
- [i1] *Petrus Johannes Jacobus* VILJOEN.
- [i2] Johanna Wilhelmina VILJOEN.
- [i3] Maria Elisabeth VILJOEN.
- h3 *Michiel Johannes*, x Hendrina WOLMARANS. Die egpaar het op Bronkhorstspruit gewoon.
- i1 *Petrus Johannes Jacobus*.
- i2 Cecilia Johanna.
- i3 Elisabeth Maria.
- i4 *Frederik*.
- i5 *Michiel Johannes*.
- i6 *Dirk*.
- i7 *Daniël Andries*.

31. WH/K (Kaapstad), testament nr. 45/404.

32. Hy is voor sy ouers se huwelik op George gebore. Sy dooprekord kon ook nie gevind word nie.

33. Skriba N.G. Kerk Graaff-Reinet op 13.5.1954 aan opsteller.

34. WH/T (Pretoria), boedel nr. 15268.

b3c9d9e1f2g1h3

- i8 · *Johannes.*
- h4 Susara Aletta, x Bartholomeus PIETERSE.
 - [i1] Elisabeth Maria PIETERSE.
 - [i2] Susara Aletta PIETERSE.
 - [i3] *Frederik PIETERSE.*
 - [i4] Anna PIETERSE.
 - [i5] *Petrus Johannes Jacobus PIETERSE.*
 - [i6] *Bart PIETERSE.*
 - [i7] Johanna Wilhelmina PIETERSE.
 - [i8] Aletta Maria Catharina PIETERSE.
- h5 *Petrus Johannes Jacobus*, * 29.6.1904, † 12.10.1930, x Gertina Hermina Josina BEZUIDENHOUT, * 4.11.1901. Sy xx Hendrik Josephus Van der Westhuyzen, * 26.5.1900. Laasgenoemde egpaar het te St. Amantstraat 30, Malvern, Johannesburg, gewoon.
- i1 *Petrus Johannes Jacobus*, * 16.9.1919, x Wilhelmina VAN DER WESTHUYZEN. Die egpaar woon te Tenbystraat 25, Westdene, Johannesburg.
- j1 *Petrus Johannes Jacobus.*
- i2 Susanna Josina Dorothea, * 9.12.1921, x 30.1.1943 Lourens Johannes ESTERHUYZEN, * 30.6.1913. Die egpaar woon te Sewende Laan 240, Bezuidenhoutvallei, Johannesburg.³⁵
- i3 *Gert Pieter Johannes*, * 20.4.1926, x 4.11.1950 Anna Christina SAAYMAN, * 19.3.1928. Die egpaar woon te Sewende Laan 226, Bezuidenhoutvallei, Johannesburg.
- h6 *Paul Johannes*, x Christina Johanna EHLERS. Die egpaar het op Bronkhorstspruit gewoon.
 - i1 *Petrus Johannes Jacobus.*
 - i2 *Willem.*
 - i3 *Georg.*
 - i4 *Daniël Andreas.*
 - i5 Isabella (aangenome kind).
- h7 Elisabeth Maria, x Johannes Hendrik Petrus VAN ZYL. Die egpaar het op Brits gewoon.
 - [i1] *Johannes Hendrik Petrus VAN ZYL.*
 - [i2] Elisabeth Maria VAN ZYL.
 - [i3] Rachel Johanna VAN ZYL.
 - [i4] *Petrus Johannes Jacobus VAN ZYL.*
- h8 Aletta Maria Catharina, x George Andrew ROTH.
 - [i1] Olive ROTH.
 - [i2] *George Andrew ROTH.*

35. Susanna (i2) het uiters waardevolle gegewens aan opsteller verstrek.

b3c9d9e1f2g1h8

- [i3] *Eugene Raymond ROTH.*
- [i4] *Denis ROTH.*
- h9 Wilhelmina Johanna, x Daniël STRYDOM.
- [i1] Elisabeth Maria STRYDOM.
- [i2] *Johannes STRYDOM.*
- [i3] *Daniël Petrus STRYDOM.*
- h10 *Gideon Johannes*, x Elvera Josephine SWANEPOEL. Die egpaar het in Germiston gewoon.
- i1 *Norman.*
- i2 *Petrus Johannes Jacobus.*
- i3 *Gideon Johannes.*
- h11 Elsie Catharina, x Pieter Frederik Coenraad OBERHOLZER.
- [i1] *Carel Nicolaas OBERHOLZER.*
- [i2] Elisabeth Maria OBERHOLZER.
- [i3] Helena Maria Catharina OBERHOLZER.
- [i4] *Pieter Frederik Coenraad OBERHOLZER.*
- g2 *Gideon Johannes.*
- g3 Aletta Maria Catharina, * 19.5.1864.
- g4 *Cornelis Hendrik.*
- g5 *Mattheus Johannes.*
- g6 Elsie Catharina Daniëlina Andriesina.
- g7 Susara Francina.
- g8 *Lukas Johannes.*
- g9 *Hendrik Johannes.*
- f3 *Petrus Johannes Jacobus*, * 15.11.1842, ~ George, † 21.7.1928, x 29.2.1864 Gertruida Philippina DELPORT, * 1.2.1843. Petrus, sy vader en broers het omstreeks 1870 na Ventersdorp getrek. Petrus se nageslag woon in die distrik Nylstroom.
- g1 *Petrus Johannes Jacobus*, * 2.3.1865, x Pretoria, Catharina C.D. NORTIER.
- h1 *Petrus Johannes Jacobus*, woon in Ben Swartstraat, Gezina, Pretoria.
- h2 Susanna.
- h3 *Jacobus.*
- h4 Gertruida.
- h5 Catharina.
- g2 Gertruida Philippina, * 16.8.1866, † 9.8.1953, x Marthinus RAS, xx Stephanus Johannes HOFMEYR. Albei huwelike kinderloos.
- g3 *Folkers Johannes Petrus*, * 14.3.1868, x 29.5.1893 Magdalena Jacoba Johanna ACKERMANN, * 22.4.1877.³⁶

36. Gegewens in verband met die gesin van Fokers Johannes Petrus is goedgunstig deur sy seun Willem Coenraad (h12) verstrek. [Red.]

b3c9d9e1f3g3

- h1 Magdalena Maria, * 15.5.1894, † 5.7.1950, x Andries G. VREY. Die egpaar het twaalf kinders.
- h2 Petrus Johannes Jacobus, * 26.1.1896. Klein †.
- h3 Philippus Daniël, * 15.5.1897. Klein †.
- h4 Gertruida Philippina, * 22.5.1898, x Hendrik Jan KROEP. Die egpaar het vier seuns en twee dogters.
- h5 Magdalena Jacoba Johanna, * 23.3.1900, x Johannes COETZER. Die egpaar het vier seuns en een dogter.
- h6 Aletta Catharina, * 26.6.1903, x K.G. VAN VUUREN. Die egpaar het vier seuns en vyf dogters.
- h7 Petronella Johanna, * 18.4.1905, x Frederik Christoffel ELOFF. Die egpaar het een dogter.
- h8 Elsie Catharina, * 16.2.1907, x Hendrik J. KILIAN. Die egpaar het twee seuns en twee dogters.
- h9 Dina Carolina Wilhelmina, * 24.2.1909, jonk †.
- h10 Johanna Cornelia, * 27.7.1911, † 12.1.1946, x Izak VAN DER MERWE.
- h11 Folkers Johannes Petrus, * 3.1.1914, x Anna VAN DER MERWE.
- i1 Marlien.
- i2 Magdalena Jacoba Johanna.
- i3 Folkers Johannes Petrus.
- i4 Anna M.
- h12 Willem Coenraad, * 9.3.1916, x 28.4.1939 Alida Barendina Hendrina SMIT, * 11.7.1908, † 9.8.1975, d.v. Andries Petrus Smit (* 21.12.1865, † 4.5.1936) en Alida Hendrina Barendina Coetzee (* 14.12.1864, † 14.12.1934).
- i1 Alida Hendrina Barendina, * 3.5.1942, x Hans Jurgen LINDEQUE, 14.7.1937. Alida is die dogter van Johannes Stephanus Maritz, (* 28.11.1891, † 12.9.1955) en Martha Maria Smit (* 31.7.1962, † 27.6.1975) en is deur haar oom en tante aangeneem.
- [j1] Alida Martha LINDEQUE, * 17.7.1966.
- [j2] Margaretha Isabella LINDEQUE, * 26.4.1973.
- h13 Mattheus Johannes, * 13.7.1918, x Helena VAN VUUREN.
- i1 Folkers Johannes Petrus.
- i2 Magdalena Jacoba Johanna.
- i3 Helena J.
- h14 Frans Jacobus, * 3.11.1920, x Anna NORTJÉ.
- i1 Judith Christina.
- g4 Aletta Catharina, * 20.9.1869, x Carl Petrus Albertus POTGIETER. Die egpaar het twee seuns en 'n dogter gehad.
- g5 Elsie, * 10.8.1871, jonk †.
- g6 Daniëlina Andriesina, * 8.10.1873, jonk †.
- g7 Johanna Cornelia, * 5.2.1874, jonk †.



*Mattheus Johannes Swart (b3c9d9e1f3g8), * 19.3.1876.*

Foto: STAATSARGIEF, PRETORIA.

b3c9d9e1f3

- g8 *Mattheus Johannes*, * Rustenburg 19.3.1876, x 20.3.1903 Maria Elisabeth RIEKERT, wed. J.A. Bergh, * ca. 1879, † 6.5.1906,³⁷ xx 4.4.1907 Margaretha Johanna FOURIE, wed. VAN TONDER, * 15.11.1881. Mattheus was 'n kort rukkie saamboer by Wolhuterskop, Rustenburg. Hy het na die Tweede Vryheidsoorlog op Loubad, naby Nylstroom, geboer.
- h1 *Petrus Johannes Jacobus*, * 31.1.1904, x 30.3.1940 Rena Martha BOTHA, * 8.4.1917. Die egpaar woon in die distrik Volksrust.
- i1 *Johan*, * 26.8.1943.
- h2 Hendrina Magdalena, * 5.3.1905, † 12.2.1924.³⁸
- h3 *Mattheus Jacobus*, * 1.1.1908, † 16.7.1953, x Petronella Jacoba STEENKAMP, * 19.8.1919.
- i1 *Mattheus Jacobus*, * 18.12.1939.
- i2 Johanna Margaretha, * 15.4.1944.
- i3 Emily, * 10.1.1949.
- h4 *Jacobus Johannes*, * 25.9.1909, x Aurora Lorraine SCHONKEN, * 15.3.1917.
- i1 *Dennis*, * 18.3.1941.
- i2 Lorraine, * 2.4.1943.
- i3 Elna, * 7.4.1951.
- h5 Johanna Margaretha, * 22.10.1911, x Hendrik VILJOEN. Die egpaar het twee seuns.
- h6 *Folkers Johannes Petrus*, * 11.5.1913, x Amalia POTGIETER.
- i1 *Victor*.
- i2 *Rudi*.
- h7 Gertruida, * 3.11.1915, x Vorster JOUBERT, xx Daniël BOSMAN. Gertruida het twee seuns.
- h8 Maria Elisabeth, * 27.9.1917, x Willem SWANEPOEL. Die egpaar het een seun en een dogter.
- h9 Aletta Catharina, * 21.8.1919, x Jacobus BURGER. Die egpaar het een seun en een dogter.
- h10 *Andries G.*, * 28.7.1926.
- g9 *Daniël Andries*, * 26.2.1878, x Maria VAN TONDER, wed. COETZER.
- h1 *Petrus Jacobus Johannes*.
- h2 Margaretha.
- h3 *Willem Christiaan Marthinus*.
- h4 *Marinus*.
- h5 Elma.
- f4 *Willem Christiaan Marthinus*, x Lenie DE LANGE.
- g1 *Petrus Johannes Jacobus*.
- g2 *Willem Christiaan Marthinus*.

37. WH/T (Pretoria), boedel nr. 9640. Mattheus het Staatsartilleris (ZAR) geword op 30.6.1897 en is bevorder tot korporaal op 13.7.1899. TAB, KG band 516, folio 583. [Red.]

38. WH/T (Pretoria), boedel nr. 9640.

b3c9d9e1f4

- g3 *Michael.*
- g4 *Daniël.*
- g5 *Cornelius.*
- f5 *Jacobus Johannes Petrus.*
- f6 *Mattheüs Jacobus*, * Oudtshoorn 27.1.1845, † “Renosterfontein”, Rustenburg, 18.1.1887,³⁹ x Aletta Maria VAN DER NEST, suster van f2 se eggenote.
- g1 Aletta Maria.
- g2 Aletta Catharina.
- g3 *Gideon Johannes*, * ca. 1874, x Martha Aletta OOSTHUYZEN, * Potchefstroom ca. 1876, † “Doringpoort”, Gatsrand, Potchefstroom, 13.3.1895.⁴⁰ Gideon het op 29.1.1896 van die Weesheer verlof gekry om te hertrou.
- g4 Elsie Catharina, * ca. 1877.
- g5 *Mattheüs Jacobus*, * ca. 1879.
- g6 Susara Johanna, * ca. 1880.
- g7 *Cornelis Frederik*, * ca. 1881.
- g8 *Daniël Andries*, * ca. 1883.
- f7 *Hendrik Johannes*, * George ca. 1854, † “Klipkop”, Rustenburg, 25.10.1923,⁴¹ x Maria Elisabeth Catharina GREYLING. In sy sterfkennis word Hendrik se vader foutiewelik aangegee as “H.J. Swart van Bethanië”.
- g1 *Petrus Johannes Jacobus*, * 28.11.1884, x voor 1923 N.N.
- g2 Aletta Catharina, * 31.1.1887, x BARNARD.
- g3 *Hendrik B.J.*, * 15.3.1889, x voor 1923 N.N.
- g4 Maria E.G., * 18.7.1891, x LOUW.
- g5 *Daniël Andries*, * 20.10.1893, in 1923 nog ongetroud.
- g6 *Gert S.*, * 12.10.1896, in 1923 nog ongetroud.
- g7 ’n Dogter (naam onleesbaar), * 21.9.1899, x VAN DER MERWE.
- g8 Willem M.J. (’n dogter), * 4.3.1906.
- g9 Johanna Margaretha Parnus (?), * 21.11.1909.
- g10 Catharina, † voor 1923.
- g11 *Cornelius*, † voor 1923.
- d10 Elsabe Susanna, * “Matjiesfontein”, George, ~ 25.11.1795, † “Lemoenfontein”, George, 30.8.1843,⁴² x Arnoldus VOSLOO (b1c2d4e3), ~ 20.6.1792,⁴³ s.v. Johannes Vosloo en Catharina Hendrina van den Bank. Elsabe, genealogies die jongste lid van die familie Swart, is kinderloos oorlede.

39. WH/T (Pretoria), boedel nr. 3516.

40. WH/T (Pretoria), boedel nr. 9886.

41. WH/T (Pretoria), boedel nr. 23003.

42. WH/K (Kaapstad), sterfkennis nr. 6398/43.

43. Elsabe (d10) se eggenoot, Arnoldus Vosloo, mag waarskynlik selfs b1c8d5 gewees het. Hierdie Arnoldus (~ 10.11.1776, s.v. Wessel Vosloo en Maria Meyer) se familie het in die distrik George gewoon. [Red.]

BYLAE A

ONDERZOEK SWART⁴⁴

Door ons bureau werd een onderzoek ingesteld naar de voorouders en familie van Jan Jansz. Swart, ziekenbezoeker te Stellenbosch (Zuid-Afrika), die op 22 juni 1692 verlof vraagt en krijgt om zijn vrouw en kinderen uit Amsterdam over te laten komen. Zijn vrouw heet dan Grietje Claasz. Verdere gegevens zijn niet bekend. Hiervoor werd onderzoek verricht in het gemeentearchief van Amsterdam en het Rijksarchief in Noord-Holland te Haarlem, waar de doop-, trouwen begraafregisters, alsmede lidmaten- en attestatieregisters evenals burgerboeken werden doorgewerkt.

Inleiding en resultaat

Eerst hebben wij getracht in het Algemeen Rijksarchief te 's-Gravenhage de brief van de Rijksarchivaris uit 1950 te verifiëren, wat ons niet gelukt is. Daarna zijn wij uitgegaan van het enige ons bewezen feit, nl. dat de vrouw en kinderen van Jan Jansz. Swart in 1692 te Amsterdam woonden. Het lijkt ons in dit geval dan ook zeer waarschijnlijk, dat Jan Jansz. Swart uit Amsterdam kwam en niet uit Hoorn, zoals vermoed werd.

Zijn kinderen heetten volgens het opstel van C.G.S. de Villiers "Johannes Swart Jan-seun, Stamvader van die Staatspresident": de oudste zoon Nicolaas, dan nog twee zonen t.w. Johannes en Pieter! Hun moeder Grietje Claesz zou ook "Coerie" of "Coenie" genoemd worden. Voordat wij vermelden wat het resultaat van ons onderzoek in Amsterdam is, delen wij mee, dat te Hoorn behalve een echtpaar Jan Jansz. en Geertje Claes, beide van Hoorn, met vier gedoopte kinderen t.w. Jan (11 januari 1684), Jannetje (11 maart 1681), Jannetje (21 april 1686) en Jannetje (11 maart 1688), géén enkel gegeven werd gevonden. De familienaam Swart (Zwart enz.) werd niet aangetroffen. In Amsterdam komt de naam Swart wél voor: op 15 oktober 1694 trouwen aldaar Grietje Klaas, van Amsterdam 26 jaren oud, in de Palmwärtsstraat, geassisteerd met haar moeder Marritje Claes, en Willem Gerritsz. Swart, van Amsterdam, kuiper, 25 jaren oud, op de Haarlemsdijk, ouders dood, geassisteerd met zijn moei Annetje Barents.

Oók werd in Amsterdam een Jan Jansz. Swart gevonden en wel bij een huwelijk op 7 september 1680: hij heet dan van Amsterdam, zij grijnwerker, 23 jaren oud, wonende in de Egelantierstraat, ge-assisteerd met Jan Hendrix Swart, zijn vader, en trouwt dan met Geertruy Thomasz de Graaf, van Amsterdam, 25 jaren oud,

44. Brief van Directeur, Centraal Bureau voor Genealogie aan President, RGN, 22.1.1976. [Red.]

wonende in de Goutblomstraat, geassisteerd met haar moeder Lijsbeth Jansz; Als hun kinderen staan geregistreerd:

- a. Jacob Swart, ged. Westerkerk 17 augustus 1685.
- b. Abram Swart, ged. Noorderkerk 28 september 1681.
- c. Isack Swart, ged. Noorderkerk 19 april 1683.
- d. Lijsbeth Swart, ged. Westerkerk 24 februari 1690.

Verder vonden wij nog het huwelijk van een Jan Swart op 17 mei 1670: hij heet dan van Carstenholm, varensman, 30 jaren oud, ouders doot, en trouwt dan met Grietje Dircx, van Dokkum, 27 jaren oud, ouders dood. Van hen werden geen kinderen gevonden. Verder werd in de periode 1670-1695 geen familie Swart in Amsterdam aangetroffen. Het was dus zaak in een andere richting te zoeken! Na lang heen en weer gezocht viel ons oog tenslotte op een echtpaar JAN JANSzoon en GRIETJE CLAESdochter; van hen werden de volgende kinderen gevonden, al of niet van het zelfde ouderpaar Jan Jansz. en Grietje Claes, waar er tenslotte meerdere tegelijkertijd van kunnen wonen in Amsterdam:

1. Jan, gedoopt Oosterkerk 26 januari 1682 (get. Geesje Harmens).
2. Jan, gedoopt Eilandskerk 25 november 1685 (get. Neeltje Pieters).
3. Claes, gedoopt Oosterkerk 20 oktober 1686 (get. Dirck Jans en Judick Pieters).
4. Claes, gedoopt Noorderkerk 14 december 1687 (get. Cornelia Clase en Jannetje Jans).
5. Pieter, gedoopt Westerkerk 7 januari 1689 (get. Grietie Albers).

Als alle genoemde kinderen inderdaad van één ouderpaar stammen, dan zou dit het gezin Jan Jansz. (Swart) en Grietje Claes (Coen) kunnen zijn. In ieder geval komen de namen van de kinderen, zij het niet in juiste volgorde, met die van Jan Jansz. Swart in Zuid-Afrika overeen en zijn deze voor 1692 geboren. In Amsterdam werd maar één huwelijksinschrijving van een echtpaar Jan Jansz. en Grietje Claes gevonden, dat het ouderpaar van genoemde kinderen zijn kan, of althans van een deel van genoemde kinderen. In ieder geval zou dit echtpaar identiek kunnen zijn aan dat, genoemd in 1692:

Op 20 april 1675 ondertrouwen te Amsterdam Jan Jansz., van Amsterdam, scheepstimmerman, 29 jaren oud, op Ostenburg, ouders dood, geassisteerd met Geesie Harmens, zijn "siexer" (suster?), en Grietje Claes, van Amsterdam, 21 jaren, geassisteerd met haar vader Claes Theunis.⁴⁵ In verband met de getuige van de zijde van de bruidegom (i.c. Geesie Harmens) en de doopgetuige bij de doop van Jan in de Oosterkerk op 26 januari 1682 werd voor dit echtpaar gekozen. Wél trouwt op Amsterdam nog op 7 juli 1694:

Jan Jansz., varensgezel, van Schiedam, 28 jaren oud, in de Palmstraat, met consent van zijn vader, en Grietje Claes, van Rotterdam, 32 jaren oud, op de Angeliers-graft. Verder onderzoek leverde geen nadere resultaten op. Het blijft vooralsnog niet te bewijzen dat Jan Jansz. Swart en Grietje Claes identiek zijn aan bovengenoemde echtparen!

45. Grietje Claes werd te Amsterdam op 26 November 1654 gedoopt in de Oude Kerk als dochter van Claes Teunis en Maritje Franse.

BYLAE B

LELIKE HANNIE ⁴⁶

*Uit oer-ou sprokies wink daar
Vir my 'n blanke hand.— (Heine)*

Die groot Italiaanse meester van die kortverhaal, Pirandello, vertel in een van sy *Novelle per un Anno* (Verhale vir 'n Jaar) hoe sekere karakters hom jare lank as 't ware agtervolg en soos stout kinders by hom staan en neul en pruttel het, totdat hy eindelijk verplig was om van hulle notisie te neem en hulle ook as persone in sy verhale te laat lewe. Daardie mense wou eenvoudig nie vergeet wees nie, want so lank as 'n mens nog deur iemand onthou word, is jy nie werklik dood nie.

Soms is dit glad nie eens jou familielede of vriende wat jy intiem geken het wat jy die beste onthou of aan wie jy die meeste ná hul dood dink nie. Ek weet nie of dit die algemene mense-ervaring is nie, maar vir my was so 'n mens 'n metgesel my hele lewe lank, so ver terug as ek kan onthou. Ek het haar nooit geken nie, nooit eens gesien nie: sy is oorlede amper veertig jaar voordat ek gebore is.

Sy was my ouma Hannie. Waarom die jong vrou reeds op agt-en-dertigjarige leeftyd oorlede is, weet ek nie. My moeder kon my dit nooit vertel nie, want sy het haar moeder skaars onthou. Trouens, ouma Hannie was vir haar kinders en kinds-kinders die onbekende van die voorgeslag. Geen kind het iets van haar onthou nie en hulle het al hul liefde aan hulle stiefmoeder geskenk, wat die vier susters en twee broers soos haar eie grootgemaak het. Ouma Hannie is deur haar nageslag volkome vergeet, en omdat hulle nie meer in liefde aan haar kon terugdink nie, was sy vir haar nakomelingskap ook dood, in alle betekenis van die woord.

Tog het sy my verbeelding altyd geprikkel, en aan ouma Hannie is dit eintlik te danke dat ek in my voorgeslag, in hulle lewenswyse, hulle krag en hulle swakhede begin belangstel het. Selfs nog vandag se dag dink ek amper gedurig aan haar, en ek het vir my 'n eie beeld van haar geskep, wat miskien volkome verskillend is van die Bredasdorpse boervrou van 'n eeu gelede. Ouma Hannie het my besit geword, juis omdat sy vir die familie die verlore, die onvatbare lid van die voorgeslag is.

Een van haar susters het ek nog baie goed geken. Sy was tant Nelie "Sanddrif", wat as my moeder se enigste oorlewende tante deur Ma en al haar kinders besonders geëer en amper fanatiek bemin is, te meer omdat Ma na haar tante Cornelia Gertruida Susanna geheet het. Vir Ma se jongste spruit was sy besonders lief, omdat ook dié C.G.S. na haar vernoem is. Ek sien tant Nelie nog daar op haar bed in die plaaswoning, besig om rooi sakkies, met kettingsteek versier, vir familie en

46. C.G.S. de Villiers: 'Lelike Hannie', (*Die Huisgenoot*, 30.11.1951). [Red.]

vriende te naai — vir my ook. Toe sy reeds vier-en-negentig was, het sy een oggend vir haar dogter gesê dat sy daardie dag gaan sterf, en so het dit ook gebeur.

Tant Nelie was 'n *grande dame*, goed vir haar medemens, wit of swart. Sy was nederig maar vernaam, trots op haar familie en hul eenvoudige boere-adel — miskien selfs 'n bietjie te trots; maar tant Nelie moes mos ook tog haar foutjie hê.

Ek wonder of tant Nelie na haar suster Hannie gelyk en na haar geaard het? Ek moes haar eintlik uitgevra het, maar die jonger geslag was vroeër maar 'n bietjie skrikkerig vir die oues van dae. As ouma Hannie na tant Nelie gelyk het, moet sy 'n mooi vrou gewees het. Ongelukkig was die familieoorlewering net op een punt baie beslis: ouma Hannie was besonder lelik! Nou het die Spanjaarde 'n grappige spreekwoord wat sê: *A la fea el caudal de su padre hermosea* ('n ryk vader se geld maak sy lelike dogter mooi). As 'n mens dan verder ons eie spreekwoord moet glo dat elke pot sy deksel het, hoef jy jou ook nie te verbaas dat ouma Hannie ook aan haar deel gekom het nie.

Haar man was twee jaar jonger as sy. Hy het Johannes Urbanus Swart geheet en was uit 'n ander tak van die groot Bredasdorpse familie. Hierdie Swarts se familieplaas is Melkbosch. Van ouma Hannie se afkoms sal ek later vertel.

Oupa Jan was blykbaar 'n baie mooi kêrel; daarvan getuig ook sy vergrote portrette. Maar hy was arm. Nie dat dit saak gemaak het nie, want ouma Hannie het die plaas Elandsdrijf van haar vader geërf, en met 'n groot plaas en 'n mooi man het sy rede gehad om tevrede te wees met haar lot. Die oorlewering is ook dat die huwelikslewe van die egpaar baie gelukkig was. In die statige ou plaashuis is agt kinders gebore, waarvan ses opgegroeï en 'n groot nageslag gehad het.

In 1857 sterf die vrou met agt-en-dertig jaar, en met haar graf word die nuwe kerkhof op Elandsdrijf ingewy. En daar eindig die lewensloop van ouma Hannie. Hoe skamel ook die herinneringe aan haar persoon en haar lewensloop is, bestaan daar tog 'n interessante sage, 'n familie-dramatjie waarin ouma Hannie 'n onbelangrike rolletjie gespeel het.

Op 'n goeie dag het daar op my oupa Viljee (Jan Jeremias, geb. 1801) se plaas Perdeberg, Caledon, 'n kapkar stilgehou, waaruit 'n egpaar en 'n hele party kinders geklim het. Die dogter aan huis Sannie, was in daardie “vreemde mense” besonder geïnteresseer, omdat dit vir haar jeugdige, romantiese verbeelding ondenkbaar was dat so 'n mooi man met so 'n lelike vrou kon getrou het. Haar onvriendelike aanmerking het ook onmiddellik daardie berisping van haar ouers uitgelok wat dit verdien het: vanmelewe se mense het die korrekte omgangsvorm as iets onontbeerliks in die huislike opvoeding beskou. Sannie se aanmerking was ook maar impulsief en nie so onvriendelik bedoel nie. Dit het haar seker ook berou toe, 'n tydjie daarna, die tyding op Perdeberg aankom dat die lelike vrou van die mooi man oorlede is.

Maar ons Liewen Heer in Sy wyse bestiering het met dié toevallige ontmoeting en begroeting Sy doel gehad. Want die mooi man, wat met ses-en-dertig jaar as

wewenaar met ses kindertjies agter gebly het, moes noodgedwonge vrou soek, en daardie toevallige ontmoeting met Sannie op Perdeberg het hom toe seker binnegeval.

'n Jaar ná ouma Hannie se dood trou hy ook met Sannie, wat met een-en-twintig jaar die tweede vrou van die mooi man en die stiefmoeder van sy groot kroos word. Toe later 'n dogter uit dié kroos met Sannie se broer trou, het sy tot algemene vermaak nog haar broer se skoonmoeder geword. Daardie egpaar, wat in 1866 in die huwelik getree het, was my ouers; en in later jare, toe Sannie se eie kroos die ou huis op Elandsdrif geval het, was dit 'n geval van my Swarts en jou Swarts en ons Swarts. En wat vir vreemdelinge 'n ware warreboel van verwantskappe was, het vir die huisgesin as die natuurlikste ding op aarde voorgekom.

Elandsdrif was nou, soos vroeër, 'n Swartsplaas, maar het algemeen gegeld as 'n Swartsplaas van 'n tak van die Melkbosch-Swarts, hoewel dit eintlik ouma Hannie se plaas was. En ouma Hannie self? Haar nagedagtenis het mettertyd verbleek en het later vir haar eie kinders volkome verlore geraak. En tog was die lelike ouma Hannie 'n vrou met haar eie persoonlikheid, met haar eie krag en swakhede en met haar eie liefde en leed. Maar die familie het nooit iets kenmerkends van haar geaardheid onthou nie. Sy was net "lelike ouma Hannie", wat op jeugdige ouderdom oorlede is en daar in die ou familiebegraafplaas op Elandsdrif begrawe lê.

Onlangs het ek daardie ou begraafplaas weer besoek, ná soveel jare. Net een begrafnis het ek as kind op daardie Godsakker bygewoon: dié van 'n tante, 'n beeldskone dogter uit die tweede huwelik. Maar dit was nie om "Aunt Mary" se laaste rusplaas te besoek dat ek die ou kerkhof binnegegaan het nie. Dit was om vir lelike ouma Hannie te sê: "Ouma, jou kleinkind kom jou besoek. Vir hom leef jy nog voort in sy verbeelding. Jy is nog nie heeltemal dood nie, want een van jou kleinkinders dink nog gedurig aan jou, al is jy amper vyftig jaar voor sy geboorte oorlede. En ouma Hannie, solank een uit jou nageslag nog aan jou dink, is jy nie dood nie."

Daardie sonnige wintersdag was die ou begraafplaas as 't ware skoon gewas en het dit daar in feestelike Sondagstemming op die lae heuweltjie langs die rivier gelê. Die ou grafte was toegerank met 'n soort klimop wat liefdehande eens op die een of ander graf geplant het. Hier en daar het 'n geel skoelappertjie skugter oor die rooi suringblommetjies gefladder. Op die grou, verweerde klipmure het 'n verklumde akkedis in die winterson gelê en bak. Mense kan my nou maar spot en my vir luguber uitmaak: vir my is daar niks romantieser as 'n ou familiekerkhof nie. Almal wat hier begrawe gelê het, was eens vlees van my vlees, bloed van my bloed. En wat ek is, het ek van hulle ontvang.

Wat was ouma Hannie se nalatenskap aan my? Ek weet nie, omdat niemand my ooit iets van haar kon vertel nie. Maar my moeder was tog haar dogter, en in my moeder moes ek tog ouma Hannie ook kon gesien het. Ma was 'n groot, gesette, statige vrou, met 'n trotse wil en van 'n geheimsinnigheid wat haar soms vir haar eie kinders ongenaakbaar gemaak het. Sy was die ware aristokraat in ons familie — as

“aristokrasie” bereidwilligheid beteken om jou familie, jou gesin en jou medemens te dien. In daardie naastediens het Ma se aristokrasie gelê. Ma is vir my nog steeds die sinnebeeld van die ou boerekultuur, wat vir die huidige geslag, met ander ideale, iets oortolligs en futiels geword het. Miskien het Ma ’n oordrewe gevoel van familietrots besit, wat uiting gevind het in die woorde: “My kind, ons soort mense kan nie daardie dinge doen nie. Ek wil nie sê dat dit verkeerd is nie, maar vir ons soort mense is dit nie toelaatbaar nie.”

Ma het nou wel ’n strenge huislike opvoeding van haar stiefmoeder, haar man se suster, ontvang. Maar haar geaardheid moes sy van ouma Hannie geërf het. In Ma het ek altyd ouma Hannie gesien, en met die verloop van jare het die twee vir my een mens geword. Ek glo ook al lank nie meer dat ouma Hannie so lelik was nie. Ek het lelike ouma Hannie nooit gesien nie — jare voor my geboorte was sy al weggebêre, daar in die ou klipmuurkerkhof op die plaas, wat hare gewees het en ook die familieplaas geword het van die kinders uit die tweede huwelik van haar man.

Soms praat die bure daarvan hoe eenaardig dit is dat Elandsdrif vandag weer aan die direkte nageslag van ouma Hannie behoort. Maar die eintlike familie het die saak nooit so bewus filologies en genealogies uitgepluis nie; ’n mens wonder selfs of die jonger geslagte van Bredasdorp die ingewikkelde Swarts-verwantskappe ken....

Ouma Hannie stam uit ’n besonder interessante tak van die groot familie. Toe die siek Hollander Teenstra in 1825 die Caledonse warmbad besoek en sy wonderbaarlike briewe oor die mense en hul lewenswyse van “Overberg” geskryf het, was dit Jacobus Johannes Swart (1770) wat die skrywer met sy tog van Kaapstad na Caledon vervoer en hom van die wa af die huis in gedra het. Koos Swart was ouma Hannie se grootvader en het op die plaas Soetendalsvlei gewoon. Van daar die benaming “Soetendalsvlei-Swarts” in teëstelling met die “Meldbosch-Swarts”. Eersgenoemdes was besonder bevriend met die “Bedaars” (Van Breda’s), na wie die gemeente in 1838 vernoem is. Koos se seun Johannes Jochemus, skrywer se grootjie, het selfs die bynaam “Jan Bedaar” gehad. Johannes se vrou, Johanna Catharina, geb. Swart, kom uit die oudste tak van die Swarts, waaruit ook minister C.R. Swart stam.

Die kleindogter van Teenstra se vriend Koos rus sedert 1857 in die ou kerkhof op Elandsdrif. Buitekant die klipmuur het daar ’n eensame wildepruimboompie opgekom en sy takke oor die grys muur en oor die grafsteen van ouma Hannie gesprei. Langs haar lê “mooi Jan Swart van Elandsdrif”, en die twee verweerde grafstene wys na die ou opstal waar soveel geslagte van “my Swarts, jou Swarts en ons Swarts” hul beskeie en tog in baie opsigte so deftige lewe geslyt het. Die vergrote portrette van Jan en sy tweede vrou, Sannie, kyk nog van menige muur van wonings in Bredasdorp, Caledon, Swellendam en selfs die verre Vrystaat op die doen en late van hul nageslag neer. Maar van die arme lelike ouma Hannie bestaan daar nie eens ’n vergeelde portretjie nie. En haar kleinkind het dit ook nie nodig nie. Hy sien ’n vrou met glansende swart hare, ’n bleek gelaatskleur en rustelose oë, wat maar steeds besorg is oor die wel en wee van haar man en kinders. Die in

ouderwetse Duitse sis geklede vrou het 'n mens amper altyd met 'n broodmes in haar hand gesien, want daar was baie monde van die gesin, van die familie, van kuiergaste, van vreemdes en van minder bevoorregtes wat tant Nelie "Donkiespad", my moeder, moes voed.

In hierdie tweede dogter van ouma Hannie het tant Nelie se seun sy tot sage geworde ouma gesien; die twee het vir hom een geword en die tyd kan hom van dié herinnering nie beroof nie, want net dié dinge wat jy verloor het, word jou tot ewige besit.

BYLAE C

EK KUIER BY OUMA SWART ⁴⁷

Elke jaar moes Ma se laatlammetjie 'n tydjie by ouma Swart op Elandsdrif gaan kuier. Daardie ou familieplaas van die Swarts het aan die end van 'n lang, digbewoonde vallei gelê waardeur daar 'n swart rivier kronkel. Plek-plek kon 'n mens die rivier se water nie eens sien nie, so dig was dit met vaal-groen palmiet begroei. Wanneer die winterreëns val, stroom die rivier maklik oor sy walle, die laagliggende vallei word 'n geweldige watervlak, en die plaashuise lê dan op eilandjies in die tydelike meer. In die somer is die vallei die ene lugspieëlinge: dit lyk vir 'n mens of jy sommer nou-nou op Elandsdrif moet aankom, maar dit duur dan nog goed 'n halfuur voordat jy die ou opstal bereik.

Eindelik hou die kar voor die huis stil. Dit lyk vir die jong seun wat uit ons beskeie woning kom ontsaglik groot. As jy by die deur inkom, is jy nie sommer in die voorhuis nie: daardie saalagtige vertrek bereik jy eers as jy deur die portaal en die koffiekamer geloop het. En dan volg die menigte slaapkamers en die voorkamer, en as jy die hele huis deurgeloopt het, kom jy eindelijk op 'n breë stoep met 'n wit muur toegemaak, en daar lê die rivier voor jou, en jy ontdek dan dat jy nou vir die eerste keer die voorkant van die huis sien; maar niemand het ooit daar afgeklim nie. Vir 'n seun wat van 'n bosryke plaas af kom, was Elandsdrif se werf kaal; die grond was brak en dor en die enigste struik wat daar gegroei het, was alewees en 'n paar kaffertwakkbome. Die rivier was ook "kaal". Daar was geen spaansriet, geen akker-, bloekom- of populierbome nie. En die wonderlikste van alles: jy kon naburige plase sien lê. Dit was nie soos in Caledon waar die plase agter die hoë koppe wegkruip nie. Die werf was klein vir so 'n groot woonhuis: stalle, skure en krale was sommer alles rondom die huis. Nee, die Bredasdorpse Strandveld was te vaal en plat en kaal vir 'n seun wat met groot akkerbome opgegroeï het waarin die tortelduiwe die hele lieue lange dag sit en kir en koer het.

Ouma Swart se huisgesin was nogal verbasend klein vir so 'n kasarm van 'n huis. Daar was net Ouma, haar dogter Chrissie en haar twee seuns Jermie en Thysie. Die drie kinders was my tante en ooms, maar ook my niggie en neefs, want Ma se skoonmoeder was Pa se suster. Ouma self was 'n skraal vroultjie, maar haar kinders was lang mense: oom Jermie met sy ses voet sewe het die rekord vir die Viljees en die Swarts gehou. Met so 'n klein gesin moes Elandsdrif se huis besonder stil gewees het. Maar moenie glo nie. Daar was 'n ewige kom en gaan van mense. Skaars was die koffiekoppies gewas of daar moes al weer koffie geskink word. Op een of ander manier was die groot tafel in die voorhuis met elke maaltyd vol beset,

47. C.G.S. de Villiers: 'Ek kuier by Ouma Swart', (*Die Huisgenoot*, 23.4.1948) [Red.]

want elke maaltyd was 'n fees. Ouma moes nie alleen vir die gesin en vir die "witmense" kook nie, maar ook — 'n mens kan amper sê vernaamlik — vir die komendes en gaandes wat ongetwyfeld sou opdaag en altyd welkom was om tot die dis toe te tree.

Die gesinslewe was 'n eienaardige mengsel van deftige waardigheid en gemoedelike *laisser faire*. Ant Chrissie was vir haar familie aan albei kante dié model van welvoeglikheid, hoflikheid en vernaamheid, maar ook van vriendelikheid en mensliewendheid. Sy is ongetroud dood, maar sy was gedurende haar lang lewe 'n moeder vir die jonger lede van haar familie en ook vir seuns en dogters wat so ver familie van haar was dat jy die verwantskap "skaars met 'n klip kon raak gooi". Haar innige vroomheid was ontbloot van alle geveinsdheid: sy het dit uitgelewe in plaas van daarvoor te praat. Wyd en syd was sy bekend as iemand wat uit haar wye lewenservaring haar medemens van raad kon bedien. Dit is ongelooflik hoe sy by haar menigvuldige huislike pligte nog so 'n groot — en natuurlik in Engels geskrewe — korrespondensie kon voer. Lank na haar moeder se dood was sy nog die onbetwiste hoof van die Swart-familie, wat met die heengaan van ant Chrissie ook onmiddellik opgehou het om as *clan* te bestaan.

Oom Jermie was 'n beesagtige groot mansmens en goed lelik daarby. Alles aan hom was groot en swaar, selfs onder die groot Swarts en Viljees het hy soos 'n kolos verskyn. Oom Jermie het waardigheid en aansien as sy geboortereg beskou en nooit daarvan gepraat nie, of miskien nie eens daaraan gedink nie. Sy vrolikheid, geestigheid en *bonhomie* het van sy hele wese uitgestraal, en waar hy was, kon die sorg en kommer van die daaglikse lewe nie indring nie. Hy is eers in later jare as oujongkêrel getroud, en toe kon hy so ewe ongeërg vir sy aanstaande sê: "Ek wil met jou trou, ek wil nie na jou vry nie!" Twee keer was hy getroud, en albei kere het hy sommer meteens raak geskiet. Watter meisiemens kon ook vir oom Jermie nee sê! Hy was te opgeruimd van geardheid, te gaaf en populêr, die meisies het geweet dat hulle as oom Jermie se vrou nooit 'n vervelige dag sou beleef nie.

Maar toe ek vanmelewe op Elandsdrif gekuier het, was oom Jermie nog oujongkêrel en die boer op die plaas. Hemel, die spietse van oom Jermie, sy lekker geselstrant, sy bulderende gelag, sy riskante stories en sy gepeperde taal! Ouma en ant Chrissie het al lank die hoop opgegee om van oom Jermie 'n *gentleman* te maak; miskien het hulle ook geweet dat ware siele-adel, waarmee oom Jermie so ryklik bedeel was, die enigste toetssteen vir 'n *gentleman* is.

Oom Jermie was eers reg op sy stukke aan tafel, want dan *moes* die meisiemense na hom luister; daar is so baie grappies wat hul geur verloor as daar niemand is wat daarvoor geskok is nie. Nog voor die maaltyd begin het, kon oom Jermie al sy streke begin uithaal; onder Ouma se lang tafelgebed kon 'n mens eienaardige geluide hoor, so iets soos flap! flap!! of soos 'n pot pampoen wat kook. Onderwyl almal se oë gesluit is, het oom Jermie ewe behendig sy wysvinger vinnig oor sy tafelmaats se lippe getrek en die pampoenpotgeluid gemaak. As die amen eers uitgespreek is en

die slagoffers met blosende gesigte daar sit, het Ouma dan probeer red wat nog te red was:

“Hemel, Jermie, dis al weer jy wat so stuitig was!”

“Nee ag, Ma, ek weet nie waarvan Ma praat nie!”

“Jy weet goed genoeg. Jy ‘t al weer met jou vuil vinger gewerskaf.”

“Nee, Ma, hoe kan Ma dit dan sê? Ma se oë was dan toe.”

“Ag, hemel, Jermie, jy sal ook altyd ‘n kind bly.”

En Ouma het volkome raak gesien: oom Jermie het ‘n kind gebly met ‘n kind se naïwiteit en ‘n grootmens se verstand en lewenservaring. Sy kinders het die wêreld se respek vir hom gehad, maar ook hul liefde vir hul groot maat was grenseloos. En omdat oom Jermie nie alleen sy kinders se respek nie, maar ook hul vertroue en liefde besit het, was hy die eerste “moderne vader” wat ek leer ken het.

En dan bly daar nog Thysie, die draer van die familienaam van sy moeder se geslag. Hy was verstandelik baie minder bedeel as sy boetie: om die waarheid te sê, Thysie was ‘n *coeur simple*, ‘n begrip wat ‘n mens nie maklik in Afrikaans kan weergee nie. Hy het die kinderlikheid van sy broer besit sonder sy verstand. Thysie het tot sy dood toe Ouma en ant Chrissie se seuntjie gebly, die veronregte, iemand wat teen die wreedheid van die lewe beskerm moes word, die Parsifal, die heilige nar van Wagner se musiekdrama.

Alles het hy letterlik opgevat: die ou familieplaas en sy familie was vir hom werklikhede, alles anders was openbaringe van die wye, vreemde, vyandelike wêreld daar buite wat hy net van hoorsê geken het. Sy verstand kon net sekere dinge begryp en niks meer nie. Op ‘n dag moes hy ‘n stuk grond dries, en oom Jermie het vir hom gesê dat hy om vyfuur kon ophou. Toe dit al hoe later word en Thysie maar steeds nie opdaag nie, het oom Jermie gaan kyk wat gaande is. Daar stap Thysie nog ewe gerus agter die ploeg, al het die son al lank agter die rug gesak.

“Maar, Thys! Hoekom kom jy nie huis toe nie? Dis al pikdonker en die vee moet al flou getrek wees!”

“Maar, Boetie, dis mos nog nie vyfuur nie.”

“Wat praat jy van vyfuur! Jou horlosie moet staan, kêrel. Dis al agtuur verby, en die vee moet nog versorg word.”

“Nee, Boetie het gesê ek moet tot vyfuur ploeg, en *ek ploeg na my ge-losie!*”

Soms kon Thysie hom lekker uitdraai uit die plaaswerk; ‘n ekskusie kon hy blitsvinnig uitdink en wonderlik plousibel beploui. Gewoonlik was sy voorwendsel dat hy “vir Ma ‘n werkjie in die huis moet doen”. Daardie werkjie was meestal maar koffiemeul of karring draai of aartappelskil. Daar sit Thysie dan in die portaal of in die kombuis met sy taak, en die wêreld kon rondom hom vergaan, hy sou dit nie eens gemerk het nie. Voor ‘n groot verjaardag het Thysie interessanter huiswerkies gekry, soos kaneel stamp of amandels oopstamp vir die Duitse koek, of selfs rosyntjiejies uithaal. Daardie werkies het hy liefs op die solder, wat ‘n mens met ‘n binnetrap uit die kombuis bereik het, gedoen, want dan kon Ouma nie sien hoe die een

amandel of rosyntjie na die ander na Thysie se mond toe gaan in plaas van in die bak te beland nie. Maar Ouma was ook uitgeslaap en het Thysie se swakhede van oudsher geken. As Thysie bo-op die solder besig was, moes hy op ouerlike bevel aanhou met fluit of sing. Solank dan “Snelt dan jaaren, snelt vry henen” as treurige elegie van die solder af gehoor word, kon Ouma weet dat die rosyntjies en amandels nie onderweg na die bak sou verdwaal nie.

Soos so baie verstandelike minder bedeelde, het Thysie ’n nimmereindigende probleempie met hom rondgedra: ’n probleempie nie vir homself nie, maar vir die niggies en kleiniggies in die familie wat hom welvoeglikheidshalwe moes soen. Thysie het naamlik gedurigdeur ’n druppeltjie aan sy groot Viljees-snawel gedra, ’n glansende pêreltjie wat, nadat die eerste een hom gesoen het, tydelik sou verdwyn. Maar daardie vloeibare aanhangseltjie, van Thysie was soms ’n basterprobleempie vir sy draer self, wat origins in salige onbewustheid van sy *alter-ego-tjie* was. So ’n voorval onthou ek nog soos die dag van gister. Die ou eettafel was die aand vol beset deur huismense, gaste, familie en “opdaggers”. Ouma se seën was gevra, oom Jermie het ’n paar lippe laat klap, en almal sit nou weer met oop oë, want die aandete sou begin. Die saalagtige ou eetkamer was maar karig verlig deur die hanglamp: die hoof en voet van die tafel waar Ouma en Thysie onderskeidelik gesit het, was in halfdonker gehul. Elkeen het sy bord snyselsop voor hom gehad en net gewag totdat die gasvrou haarself ook bedien het om weg te val. Toevallig kyk Ouma in die rigting van die ander end van die tafel. In die newelrige duister daar onder skyn daar ’n liggie, flou soos die aandster op ’n maanskyn nag. Die maan was die hanglamp, die aandster was Thysie se druppel. Dwarsoor die lang tafel skree Ouma in haar hees altstem:

“Thy—ys!! Thy—ys!!!... Ag, hemel, daar lê dit ook al!” En Thysie se druppeltjie verdwyn in sy bord snyselsop soos ’n sterretjie wat eensklaps verskiet en vir altyd verdoof word. Maar Thysie se sterretjie het getroue opvolgers gehad, hoewel hul lotgevalle nie in die famielie-oorlewering verewig is nie.

Siestog, arme Thysie! Die hele familie het hom innig liefgehad met die vanselfsprekende liefde waarmee ’n mens die minderbedeelde in jou *clan* liefhet. Tot vandag se dag mis almal hom; hy was tevrede om as eenvoudige van gees deur die lewe te gaan, want wat hy in die lewe moes ontbeer, daarvoor het die liefde van familie en vriende hom ryklik vergoed.

Rondom Elandsdrif het nog baie Swart-familie gewoon: almal interessant vir die nuuskierige agie van ’n plaasseun. Daar was byvoorbeeld oom Jan “Boois”, wat so bang was vir spoke dat hy verseg het om ooit alleen in ’n kamer te slaap, en tant Annie wat, toe sy haar einde voel nader, al haar klere uitgedeel het. Daardie gevoel was egter totaal verkeerd, want tant Annie het herstel en nog jare na haar voorgevoelde “uiteinde” gelewe, sodat sy haar klere die een stuk na die ander weer moes terugvra.

Maar die interessantste familielid was ou nig Bet “Rooiwal”, so genoem na haar huisie wat teen die rooi wal van die rivier geleë was. Sy was ’n dogter van Ma se

oudste suster, wat ek nooit gesien het nie en wie se nakomelingskap ek tot ontsteltenis van die familie en tot my eie skande baie sleg geken het en nog ken. Maar nig Bet Rooiwal het ek baie goed geken. Sy was 'n groot, sterk boertante, van wie 'n mens nooit in der ewigheid sou verwag het dat sy aan ipekonders kon ly nie. En tog was dit die geval.

Dan was haar kop so seer dat dit kon bars, dan was dit haar maag wat onderstebo was, dan was dit 'n pyn hier, dan was dit 'n pyn daar. En haar enigste troos in hierdie ondermaanse foltering was Ouma. Dan moes Ouma 'n bietjie kruie vir die hoofpyn, dan 'n bietjie "jemieka"-gemmer vir die maag, dan 'n bietjie smeergoed vir haar arme ou rug stuur. En die fyn kossies mag ook nie makeer nie.

Enige bode van Elandsdrif kon nig Bet al ver-ver sien aankom en betyds nuwe kwale en plae prakseer. Kom jy dan naby Rooiwal, kon jy al nig Bet se hartverskeurende weeklae hoor. Kom jy haar huisie binne, dan was die vuur nie opgemaak nie, die tafel nie afgeneem nie en die slaapkamer pikdonker. Gaan jy dan met Ouma se gawes die kamer binne, lê nig Bet op die ou greinhoutkatel in haar rooi fleneletse naghemp en steun en kreun maar een stryk deur. Wanneer nig Bet Ouma se bode nie sien aankom het nie, kon jy haar ewe vrolik en perdfris vind by haar bord "oom-en-tante" (mielies en boontjiesop) of 'n lekker tersál of 'n bord "stadige intrap" (growwemeel-pap). Soms het nig Bet die bode ook net betyds gewaar en kon skaars-skaars haar draai kry. Woerts was sy in die bed, die weeklae en jeremiades styg ten hemel, die beddegoed is tot onder nig Bet se ken opgetrek, maar dit kon dikwels gebeur dat nig Bet se velskoene aan die onderent van die rooi siskomers uitgesteek het. Trapsgewyse het haar steune en kreune dan tot bedaring gekom: die kalmeringsgraad het in direkte verhouding tot die grootte van Ouma se presentjie gestaan. En so het nig Bet van jaar tot jaar gelewe, gesond en — gelukkig!

Elandsdrif se ou woonhuis staan vandag nog ewe fier op die ou opstal. Die ou Swarts rus al jare der jare in die ou familiekerkhof onder in die groenvoerkamp, maar die ou gemoedelikheid, gasvryheid en vername deftigheid van daardie gesinslewe het tog hul stempel op die nageslag en op die lewensopvatting van die hele Bredasdorpse Strandveld gelaat. Die nuwe geslag het ander sedes en gewoontes, maar soms laat 'n skielike stemnuanse of 'n eienaardige handgebaar of 'n verbygaande blik in Susán se oë haar hele voorgeslag herlewe. Dan dink ek weer aan Ouma met haar hees altstem en aan ant Chrissie se patrisiese houding. Maar vernaamlik dink ek aan oom Jemie, haar vader, met sy uitbundige vrolikheid en optimisme, sy lippeklapstreke en aan die goeie ou tyd op Elandsdrif wat dit nog my voorreg was om saam met die ou Swarts mee te maak.

BYLAED

DIE BITTEREINDER ⁴⁸

“Nou sal hy nie meer kom nie. Nee, nou sal hy nie meer kom nie.”

